# 'n Nuwe belydenisskrif vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika?

**I W C van Wyk**

**Tydelik-deeltydse dosent: Departement Dogmatiek en Christelike Etiek (Afd A )**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

## A new confession for the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika?

***In this article the question is asked whether a new creed or confession is possible and in this point in time necessary. The answer is that there should always be room for new creeds and confessions. Although there might be many reasons for a new confession, the present time does not really seem to call for such a confession. But we must remain open for a new confession at any time. In the meantime we must actualise the old creeds and confessions, and we must consider subscribing to other Reformed confessions as well as confessions from this age that could be relevant and important to us.***

## 1. VRAAGSTELLING

Die nuwe Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1997:5) maak in Ordinansie 1.4 voorsiening vir die aanvaarding van ander of nuwe belydenisskrifte. Die vrae wat op hierdie stadium teologies beantwoord moet word, is die volgende: (a) het die Hervormde Kerk reg besluit deur ruimte te laat vir ander en nuwe belydenisskrifte, (b) is daar op hierdie stadium nood aan 'n ander of 'n nuwe belydenisskrif in die Hervormde Kerk en (c) wat kan en moet die Hervormde Kerk op hierdie stadium doen in terme van belydenivernuwing?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# 2. IS DAAR RUIMTE VIR ANDER OF NUWE BELYDENIS-SKRIFTE?

## 2.1 Die wese en aard van die Reformatoriese belydenis

Die kerk is ten diepste 'n "belydeniskerk". Sonder belydenis is die kerk nie voorstelbaar nie. Deur te bely gee die kerk te kenne dat daar van iemand anders en nie van die eie ek gepraat word nie. 'n Belydenis is daarom antwoord van die kerk op die openbaring van God in Christus. Die implikasie hiervan is dat 'n belydenis van die kerk nooit uitdrukking van 'n religieuse ervaring of 'n stuk selfmededeling kan wees nie (Wirsching 1980:487). 'n Belydenis is altyd 'n uitdrukking van die geloof in die openbaring van God en die erkenning van God se handelende werklikheid (Althaus 1949: 255). Weber (1972:39) is reg as hy sê dat 'n belydenis die dankbare, lofprysende oorgawe aan die openbaring van God in Christus is. 'n Belydenis wil daarom nie as woord verstaan word nie, maar as antwoord. Dit wil Jesus Christus nie Heer maak nie, maar wil antisiperend in hierdie waarheid en werklikheid lewe. Onder die woord "belydenis" kan daar baie dinge verstaan word, aangesien dit verskillend gebruik kan word. "Belydenis" kan as 'n akte, 'n lewendige persoonlike belydenis (*confessio*) verstaan word. "Belydenis" as uitdrukking van wat mense ten diepste glo, kan ook die gestaltes van liedere en gebede aanneem (NHKA 1997:2). Ten spyte daarvan dat dít belangrike aspekte van belydenis is, wil ek daarop wys dat die fokus van die argument egter op die "woordbelydenisse"[1] gerig is. Woordbelydenisse was aanvanklik eenvoudige uitsprake soos, "Jesus is die Here" (Rom 10:9; 1 Kor 12:3; 2 Kor 4:5; Fil 2:11). Dit het later ontwikkel tot komplekser en langer formules soos die *Apostolicum* en die *Nicaenum*. Dit is hierdie aspek van belydenis wat hier behandel word. Dit gaan dus hier om 'n formule, 'n mondelinge en of skriftelike vasgestelde oortuiging (*symbolum*) en uiteindelik om 'n oorkonde, 'n dokument met wydrykende kommunikasie- en bindingskrag (*doctrina*). Met "belydenis" bedoel ons daarom 'n samevattende uitrukking (*compendium*) van die waarheid van die evangelie wat in die

[1] "Woordbelydenisse" is redelike laat ontwikkelings binne die belydenistradisie. Vir 'n kort en bondige oorsig oor die pad van ontwikkeling tot by "woordbelydenisse" kan gekyk word na Hauschild (1995:78-80). Vir 'n volledige oorsig oor en insae in die ontwikkeling van "woordbelydenisse" moet na die standaardwerke van Kelly (1972, 1993) gekyk word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

geloofsgemeenskap gemeenskaplik, bindend, en konstant geglo en verkondig word (Althaus 1949:258-259).

Daar bestaan talle redes hoekom belydenisvorming in die kerk plaasgevind het. Daar was van die begin af 'n behoefte aan 'n kort samevatting van die geloof wat tydens sendinggesprekke gebruik kon word. Naas die sendingsituasie het die vervolgingsituasie ook belydenisse voortgebring. Geloofsbelydenisse het ook spontaan na afloop van eksorsismes ontstaan. Daar was van baie vroeg af 'n behoefte aan 'n geloofsbelydenis wat liturgies tydens doopplegtighede[2] gebruik kon word. Die ontstaan van dwaalleringe het die kerk gedwing om belydenisse te formuleer waarin die ware en korrekte leer geformuleer, en dwaling afgewys is. Aangesien die eerste geslagte van gelowiges denkende mense was, wou hulle met behulp van geformuleerde belydenisse hulle geloof sistematiseer, sodat daar op hierdie wyse insig in die geloof kon ontwikkel (Leith 1977:1-2). Belydenisse wat op grond van die genoemde redes ontstaan het, het mettertyd as norm vir die verkondiging van die kerk begin funksioneer, en het só uiteindelik die konstantheid en kontinuïteit van die verkondiging begin beskerm (Althaus 1949:257; Jacobs 1959:10; Van Niftrik 1961: 25-26; Weber 1972: 40).

Uit belydenisse het die latere dogmas ontwikkel. In die 4e eeu het Basilius die Grote begin om onderskeid tussen kerugma en dogma te maak. By Chalcedon (451) is die Christologiese belydenis as 'n leeruitspraak verstaan. Hierdie belydenis (wat dan as 'n leeruitspraak en uiteindelik as dogma verstaan moet word) begin met die volgende woorde: "Ons leer, dat 'n mens soos volg moet bely ...." In die Middeleeue het die Rooms-Katolieke Kerk die belydenisse opgeneem in die *depositum fidei*, dit is die skat van waarhede wat geleer moet word en nie verlore mag gaan nie. Uiteindelik is daar by Trente en Vaticanum I die gedagte ontwikkel dat die kerklike belydenisse, wat volledig in dogmas uitgewerk is, onfeilbare geloofsuitsprake is. Hierdie ontwikkeling is deur die Reformasie verwerp (Lohse 1978:14-15).

Volgens die Reformatore mag belydenisse nie soortgelyk aan die Rooms-Katolieke dogma verstaan word nie. Volgens die Rooms-Katolieke het 'n dogma met die openbaringskant van die Christelike waarheid te make. 'n Dogma stel volgens

2 Daar is tot onlangs in die navorsing aanvaar dat daar 'n baie noue band tussen doopplegtighede en belydenisse was. Onder andere Kelly (1972:36-65) het probeer om hierdie teorie histories te begrond. Nuwere navorsing (Hauschild 1995:78-79) laat blyk dat hierdie teorie nie so goed histories begrondbaar is nie.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hulle die openbaringsinhoud as 'n onfeilbare, onomkeerbare, imperatiewe geloofsnorm voorskriftelik vas. In hierdie sin is 'n dogma 'n heilsnoodsaaklike geloofsobjek. Waar die Rooms-Katolieke dogmas as openbaringsidenties beskou, verstaan die Protestante die dogmas (in die vorm van belydenisse) as hoogstens openbaringsbetreklik. Dit is betreklik tot die Skrif en daarom tydbepaald, veranderlik, sonder enige imperatiewe mandaat. Belydenisse staan daarom vir die Protestante nie aan die kant van die openbaring nie, maar aan die kant van die geloof. Dit is dus geen definitiewe begrip nie, maar 'n affirmatiewe begrip. Die Rooms-Katolieke dogmabegrip word op die perspektief van die afgeslote geheel van die Bybelse openbaring gebou, terwyl die Protestantse opvatting van belydenis weer teruggaan op die Christus-homologie. Die heilsvraag is daarom in die Rooms-Katolieke Kerk gebonde aan die kerklik hoorbare somtotaal van openbaringswaarhede, terwyl die Protestantse belydenis (en ook belydenisskrifte) op die eksistensiële heilsvraag betrek is. Die Rooms-Katolieke dogma is ten diepste geloofsvoorskrif, en dit beteken dat die funksie van die dogma daarin bestaan dat dit die openbaringswaarhede versamel en verwoord. Die Protestantse belydenis is hoogstens weer geloofsuitdrukking, en dit beteken dat die belydenis die openbaringswaarhede hoogstens ontsluit. Die Rooms-Katolieke dogma stel die dogmatiese inhoude bekend wat normatief geglo moet word, terwyl die Protestantse belydenis die sleutel is met betrekking tot die normatiewe gehalte van die Skrif. Volgens die Rooms-Katolieke staan die dogma tussen die openbaring en die persoonlike geloof, terwyl die persoonlike geloof weer volgens die Protestante tussen evangelie en belydenis staan (Beyschlag 1988:18-21). Die hele argument kom daarop neer dat (minstens die hoofstroom) van die Reformatoriese tradisie die belydenis (as oorspronklike vorm van die dogma) nie as 'n leerwet beskou nie, maar as 'n geestelike konsensus (Weber 1972:38). 'n Belydenis is vir die Reformatoriese tradisie daarom nie grond nie, maar uitdrukking van die geloof. Om hierdie rede kan daar nooit sprake daarvan wees dat geloof op die ('n) belydenis sou kon berus nie, aangesien geloof alleen maar op die Woord kan berus (Althaus 1949:258). Van belydenisfundamentalisme (legalistiese geldingsaansprake) kan daar dus nie sprake wees nie (Wirsching 1980:488). Dit is dus duidelik dat daar nog altyd binne die Reformasie ruimte vir ander en nuwe belydenisse was. Belydenisvorming kon nooit binne die Reformasie afgesluit word nie. Daar kan altyd weer situasies ontstaan waar dit nodig sal wees om aspekte van die Christelike geloof nuut te verwoord, óf om dit in nuwe belydenisse te verwoord.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 2.2 Die wese en aard van die Reformatoriese belydenisskrifte

Reformatoriese kerke het naas belydenisse ook belydenisskrifte. Belydenisskrifte is die amptelik erkende korpus van leeruitsprake waardeur 'n betrokke kerk se besondere heilskennis tot uiting gebring word. Belydenisskrifte is dus 'n samevatting van maatgewende leerstukke (*articuli fidei*) of geloofsnorme (*regulae fidei*) waardeur kerke hulle teenoor ander kerke met ander leeruitsprake afgrens, en hulle eie preekinhoude normeer. In hierdie opsig is belydenisskrifte 'n spesifieke Protestantse verskynsel[3], en spesifiek vrug van die vroeë Ortodoksie (Jacobs 1959:9; Wirsching 1980: 488).

Die redes vir die ontstaan van belydenisskrifte, is soortgelyk aan die redes vir die ontstaan van belydenisse. Belydenisskrifte is noodsaaklik omdat die Reformatoriese kerke ook lerende kerke is. Lerende kerke het om verskeie redes (kategese, apostolaat en liturgie) 'n samevattende daarstelling van die evangelie van Jesus Christus nodig. Uit kerklike (gemeentelike) nood en noodsaaklikheid is belydenisskrifte dus gebore om die lerende kerke in hulle taakvervulling te help (Barth 1948: 13; Polman 1956:551; Jonker 1994:6-7; Pannenberg 1995:292). Belydenisskrifte, as 'n versameling van leeruitsprake, het verder ontstaan omdat daar 'n behoefte was om die korrekte kerklike leer (die waarheid van die evangelie) téén leervervalsings en dwaalleer te beskerm. Apologie was dus 'n verdere rede vir die ontstaan van belydenisskrifte (Bavinck 1928:22; Brunner 1960:51; Jonker 1994:7-8). Positief was belydenisskrifte noodsaaklik om as spreekreël van die verkondiging, en as stok, staf en lied in die gemeente te funksioneer (Jonker 1994:8-10).

Belydenisskrifte, as produkte van die Reformasie, het hulle ontstaan te danke aan die feit dat daar vanuit die perspektief van die regverdigingsleer weer na die Skrif self teruggekeer is. Die Reformatore wou die Skrif self weer ter sprake bring. Die Skrif moes weer opnuut, onbemiddeld, die evangelie uitbasuin. 'n Totaal nuwe wyse

[3] Dit is bekend dat die Rooms Katolieke Kerk nie belydenisskrifte het nie. Dit is ook redelik bekend wat in die Rooms-Katolieke Kerk as gesaghebbende bronne geld. Dit is egter nie só bekend wat in die Oosterse Kerk maatgewend is nie. Om hierdie rede die volgende inligting: In die Ortodokse Kerk geld die *Nicaeno-Constantinopolitanum* as die enigste onfeilbare geloofsnorm, aangesien dit die dogmatiese leerbeslissings van die sewe ekumeniese konsilies (325-787) saam vat. Hiernaas is maatgewend: hulle liturgiese boeke en die dogmatiek van Johannes van Damaskus (alhoewel dit van geringer betekenis is). In hierdie kerk bestaan daar ook oriëntasiedokumente wat werklik net die status van oriëntasiedokumente geniet en niks meer nie. Hier kan na die volgende dokumente verwys word: *Confessio Gennadi* opgestel deur Patriarg Gennadios II in 1453 *Confessio Orthodoxa* opgestel deur Metropoliet Petrus Mogilas in 1642, die Aktes van die Sinode van Jerusalem van 1672 wat anti-Protestantse polemiek is, *die Confessio Critopuli* van 1625 opgestel deur die Patriarg Metrophanus Kritopulos.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van eksegese en sistematisering[4] is deur Luther en sy volgelinge beoefen. Ten spyte hiervan, vind ons in die belydenisskrifte nie net die Bybelse woorde nie. Ons vind ook die belydenisse, die latere dogmas en selfs aspekte van die Skolastiese teologie van die vroeë Middeleeue. Die vraag is: hoekom het die Reformatore die belydenisse (*Apostolicum, Nicaenum* en die *Athanasianum*) geresipeer, met ander woorde in die belydenisskrifte opgeneem en die teologiese insigte agter die belydenisse oorgeneem?

Op hierdie vraag kan daar verskillende antwoorde gegee word. In die eerste instansie is dit nie vreemd dat die Reformatore by die vroeë kerklike belydenisse aangesluit het nie. Luther (*WA* 57,137,5) het eenkeer gesê: *"Tota nostra operacio confessio*/al ons doen [en late] is belydenis." Met hierdie woorde wou hy beklemtoon dat die Reformasie 'n terugkeer is na die vroeë kerk. Die geloofsinhoude word nie alleen oorgeneem nie, maar ook die erns waarmee hierdie inhoude geglo word. Die oorname van die belydenisse het op 'n simboliese wyse te kenne gegee dat dit in die Reformasie gaan om 'n hernude en totale oorgawe tot in die martelaarskap. Die oorname van hierdie belydenisse het dus met eskatologiese erns (Wirsching 1980: 495) geskied. Daar was 'n bereidheid om opnuut vir die waarheid van die evangelie te sterf.

'n Volgende teologiese rede hoekom die Reformatore die oud-kerklike belydenisse oorgeneem het, is omdat hierdie belydenisse, net soos die latere Protestantse belydenisskrifte, om die geheel van die evangelie handel. Nooit het dit, soos in die latere Rooms-Katolieke dogmas, om deelaspekte van die evangelie[5] gehandel nie. Telkens het dit om die totale heil in Christus gehandel. Dit behoort dus begryplik te wees dat dokumente wat dieselfde bedoeling en intensie het, moeilik geskei kan word (Beyschlag 1988:23-25).

In die derde instansie het die Reformatore die vroeë kerklike belydenisse en teologie geresipeer omdat hulle daarvan oortuig was dat 'n mens nie vandag verantwoordelik met die Skrif kan omgaan, as daar nie ook na die vadere se verstaan van die Skrif geluister word nie. Trouens, hulle was van mening dat die Reformatoriese

[4] Vir dieper insae in die eksegetiese en sistematiese metodes van Luther, kan gekyk word na Van Wyk (1998:163-168).

[5] Die Rooms-Katolieke dogmas van die onbevlekte ontvangenis van Maria 1854, die onfeilbaarheid van die pous 1870, en die liggaamlike opname van Maria in die hemel 1854, gaan net om enkele dogmatiese sake en nie om die geheel van die evangelie nie.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

belydenis (en uiteindelik die belydenisskrifte) nie net met die Skrif nie, maar ook met die ou belydenisse van die kerk moet ooreenstem (Pannenberg 1995b: 294). Die Reformatore het die oortuiging gehad dat daar 'n "gemeenskaplike luister na die Woord" moet wees. Eksegese van die Skrif kan volgens hulle nie in 'n lugleegte plaasvind nie, maar binne die gemeenskap van die heiliges, wat niks anders is as die ganse kerk van alle tye nie. Om hierdie rede luister eksegete ook altyd na die leer van die vadere. Kerklike leer en kerklike belydenis, wat uit eksegese gebore word, sluit daarom altyd by die vorige geslagte, die vertrouenswaardige vadere aan (Barth 1948: 14). Voordat ek self kan bely, moes ek die belydenis van die res van die kerk gehoor het. Ek kan ook nie deel hê aan die gesprek oor die regte geloof, voordat ek nie na die gesprek in die res van die kerk (vóór my en langs my) geluister het nie. Ek luister ook nie na die enkelinge uit die verlede nie, maar na die kore – die kore wat eenstemmig oor die waarheid van die Woord sing. Eksegese, op grond waarvan geglo word, behoort met die gemeenskaplikheid van die geloof te begin. Naas hierdie gemeenskaplike kan ek 'n verdere bydrae probeer maak (Barth 1960:656-662). Die resipering van die vroeë belydenisse in die Reformatoriese belydenisskrifte het die daarom die bedoeling om te kenne te gee dat die Reformatoriese belydenis die produk is van 'n gesamentlike luister en aanneming van die Woord. Anders gesê: 'n Reformatoriese belydenisskrif is die openbaarmaking van die gemeenskaplike geloof wat gebore is uit die gemeenskaplike luister na die Woord. Met ander woorde: 'n belydenisskrif is uitdrukking van die konsensus van die kerk oor die leer van die evangelie (*consensus de doctrina evangelii* – Pannenberg 1995a:130).

Die resipering van die oud-kerklike belydenisse in die belydenisskrifte sê uiteindelik vir ons dat die Reformasie daarop gestel is om die eenheid en die katolisiteit van die kerk te bestendig (Jonker 1994:16-19). Protestante besef nog altyd dat die kerk altyd opnuut moet bely en dat 'n belydenis vandag nie net 'n herhaling van 'n belydenis uit die verlede kan wees nie. Maar, daar is ook nog altyd besef dat die kerk net saam met die kerk van die verlede kan bely en dat die kerk saam met die kerk van die verlede behoort te bely. Hulle het dít geweet, omdat hulle ingesien het dat die kerk nie net 'n eenheid in ruimte is nie, maar ook 'n eenheid in tyd. Hulle het dus geweet dat die kerkgeskiedenis nie met elke geslag nuut begin nie, en dat die stryd van die verlede ook die stryd van die hede is en dat die waarheid van die verlede ook die waarheid van die hede is (Althaus 1949:260-261). Die Reformatore het deeglik besef dat die verskillende temas van die belydenisse nie noodwendig altyd relevant is nie, en dat die vraagstellings agter die belydenisse ook nie noodwendig hulle vrae was


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

nie. Ten spyte daarvan, het hulle hierdie belydenisse oorgeneem, aangesien hulle geloofwaardig van die evangelie getuig. Hulle het die belydenisse aangeneem omdat hulle daarvan oortuig was dat hulle die regte rigting[6] aandui wat ingeslaan moet word (Althaus 1949:266-267). Hulle het hierdie oud-kerklike belydenisse dus geresipeer met die besef dat hulle die verantwoordelikheid het om die eenheid en die kontinuïteit van die kerk te bewaar. Die eenheid en die kontinuïteit word bewaar wanneer jy nie jou rug keer op die gelowige vaders in die geloof wat vir jou die weg aangedui het nie (Wirsching 1980:496). In die eerste Protestantse belydenisskrif, die *Confessio Augustana* van 1530, word dit dan ook duidelik gestel dat hierdie belydenis nie die belydenis van 'n partikuliere kerk is nie, maar dat hierdie belydenis daarop aanspraak maak dat dit in ooreenstemming is met *sancta catholica et apostolica ecclesia*. Hierdie ooreenstemming is bereik deurdat die Reformatoriese regverdigingsleer met die oud-kerklike Christologie en triniteitsleer geharmoniseer is. Die *Confessio Augustana* kon daarom op katolisiteit en ekumenisiteit aanspraak maak, aangesien die opstellers dit reggekry het om 'n Christus-georiënteerde innovasie (die regverdigingsleer) met die oud-kerklike tradisie te versoen (Wenz 1997:305-309).

Met die oorname van die oud-kerklike belydenisse het die Reformasie 'n pleidooi gelewer vir verantwoordelike omgang met die kerklik-teologiese tradisie. Daar moet verantwoordelik met die tradisie omgegaan word, omdat die tradisie gevul is met outoriteit. Die tradisie het outoriteit, aangesien dit die waarhede van die evangelie aan die lig bring. Deur te buig onder die outoriteit van die tradisie, word die katolisiteit van die kerk bevorder. Wanneer die kerk vandag glo wat die kerk in die verlede geglo het, word daar kontinuïteit in die kerk geskep – en dít is onder andere wat met katolisiteit bedoel word. Tradisie (die oud-kerklike belydenisse en dogmas) het daarom nie gesag omdat dit 'n aparte bron van openbaring sou wees nie (soos wat die Rooms-Katolieke kerk meen nie). Dit het gesag omdat dit die Woord outentiek ter sprake bring. Dit het gesag, nie omdat konsilies daaroor besluit het nie, maar omdat hulle die sentrale inhoude van die Skrif weergee. Met ander woorde: in die tradisie het ons met regte Skrifuitleg te make. Deurdat die kerk hierdie korrekte Skrifuitleg volg, is die kerk katoliek. Wanneer die kerk vandag die oud-kerklike leertradisie oorneem, wanneer daar op grond van die korrekte Skrifuitleg van die vadere 'n

[6] Die rigting het vir hulle werklik om die saak gegaan, en nie om die uitdrukkingswyse nie. Dit het gegaan om die oortuiging en nie om die gestaltegewing van die oortuiging nie. Hierdie speelruimte wat gelaat word tussen saak en formulering, vind aansluiting by die sinode van La Rochelle (1607) wat bepaal het dat die belydenis alleen krag en gesag het in wat dit wil bely (Jonker 1994:155).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gemeenskaplike verstaan van die evangelie gevestig word, kan daar op katolisiteit aanspraak gemaak word. Hierdie mening is gehuldig deur die Reformatore Luther, Calvyn en Melanchthon asook die teoloë van die Ortodoksie soos Matthias Flacius en dan veral Martin Chemnitz in sy *Examen Concilii Tridentini* [1565-1573] (Hauschild 1992:195-231). Die oorname van die oud-kerklike belydenisse deur die Reformasie was dus 'n daad van besondere teologiese insig aangesien die kommunikatiewe kontinuïteit van die gelowiges in die geskiedenis hierdeur verseker is. Die respek vir die *communio sanctorum* as kommunikatiewe konsensusgemeenskap is op hierdie wyse bewaar (Wenz 1990:24-26).

### 2.3 Is die belydeniskanon afgesluit?

Ten spyte daarvan dat daar binne die Reformasie konsensus was oor die outoriteit van die tradisie, en die noodsaaklikheid om die eenheid en die katolisiteit van die kerk te bewaar, moes die vraag beantwoord word of belydenisvorming binne die Reformasie kan en moet voortgaan? Hierdie vraag is nie eenstemmig binne die Protestantisme beantwoord nie. Lutherane en Calviniste gee op hierdie vraag verskillende antwoorde. Ook binne die konfessionele groeperings bestaan daar nie eenstemmigheid nie.

Die Lutherse tradisie werk met 'n afgeslote belydeniskanon. Tot en met 1580 was daar verskillende regionale *corpora doctrinae* binne die Lutherdom (vgl Wirsching 1980:499-501 vir die detail). Met die *Konkordienformel* (1577) en die *Konkordienbuch* (1580) het belydenisvorming formeel tot afsluiting gekom, omdat daar op 'n *corpus doctrinae* besluit is wat verdere belydenisvorming oorbodig sou maak. Die *Konkordienbuch* bestaan uit die drie oud-kerklike simbole en sewe Lutherse belydenisskrifte, naamlik: *Die Augsburgische Konfession* (CA-1530) van Melanchthon, *Die Apologie der Confession* (AC-1530) van Melanchthon, *Die Schmalkaldischen Artikel* (1537), Melachthon se traktaat "*De potestate ... papae* (1537), *Luthers Kleiner Katechismus* en *Luthers Großer Katechismus* (1529) en die *Die Konkordienformel* (FC-1577) van Andreae en Chemnitz. Ten spyte daarvan dat hierdie *corpus doctrinae* nie orals onmiddelik aanvaar is nie (bv in die Skandinawiese lande – vgl Hornig 1984a:74), aanvaar feitlik alle Lutherse kerke hierdie korpus as die riglyn, basis en grens van hulle prediking (Beyschlag 1988:28-29).

Waar die Lutherse tradisie met 'n afgeslote belydeniskanon werk, handhaaf die Gereformeerde kerke weer die gedagte van die onafsluitbaarheid van belydenis-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vorming. Gereformeerde belydenisse word daarom nie in 'n boek van dogmenkanoniese rang of waarde saamgevat nie. Daar bestaan geen vas omlynde omvang van Gereformeerde belydenisse soos wat mens in die *Konkordienbuch* vind nie. Gereformeerde belydenisse is nie in getal begrensbaar nie, en word nie in terme van gehalte gekanoniseer word nie. Alle Gereformeerde belydenisse het daarom nie noodwendig vir alle Gereformeerde kerke geldigheid nie. Daar bestaan talryke regionale belydenisskrifte, asook versamelings van belydenisskrifte, maar daar is geen belydeniskanon nie, en daarom ook nie 'n geoutoriseerde versameling van simboliese boeke nie. Die versamelings van Gereformeerde belydenisskrifte (kyk na Wirsching 1980:501-503 vir volledige lyste van hierdie versamelings) was van die begin af almal private versamelings soos die *Harmonia confessionum fidei orthodoxarum et reformatarum ecclesiarum* (1581) van Jean François Salvard in Genève en die *Corpus et syntagma confessionum fidei* (1621/1654) van Gaspard Laurent in Genève. Die latere poging van die Dordrechtse Sinode om 'n belydeniskanon vas te stel, word deur Jacobs (1959:18) beskryf as "slegs 'n episode in die geskiedenis van die Ortodoksie". Toe die Wêreldbond van Hervormde Kerke in 1925 weereens pogings wou aanwend om 'n algemeen aanvaarde Gereformeerde belydenis op te stel, het Barth hierdie pogings gestop met die argument dat 'n Gereformeerde belydenis altyd voorlopig, plekbepaald en spontaan is (Rohls 1987:352). Die feit dat daar dus geen amptelike *corpus doctrinae,* binne Gereformeerde geledere bestaan nie, hang dus met die wese van die Hervormde Kerk saam. Volgens die Hervormers is belydenisskrifte altyd slegs getuienisse van feilbare mense. Die Gereformeerde belydenis is dus 'n "geleentheidshandeling", en daarom vervangbaar en veranderbaar, aangesien 'n belydenisskrif slegs wil sê: "ons – hier en nou – bely dít". Daar bestaan daarom nie só iets soos 'n "Theologie der reformierten Bekenntnisschriften" nie, maar slegs iets soos 'n "Theologie reformierter Bekenntnisschriften" (Jacobs 1959; Rohls 1987).

Hierdie veelheid van belydenisskrifte is binne die Gereformeerde tradisie duldbaar aangesien hulle geen formele rang ten opsigte van die Skrif het soos wat dit in die Lutherdom die geval is nie. Binne die Gereformeerde tradisie het slegs die Skrif gesag. 'n Belydenisskrif ontstaan uit die Skrif en is wegwyser na die Skrif toe. Op sigself het dit geen status nie. Gereformeerdes het dus geen korpus van leeruitsprake wat eenheid konstitueer nie. Hulle is slegs eenstemmig dat die Bybel die enigste bron van God se openbaring is, en dat alle gelowiges hulle gemeenskaplik aan die Woord moet bind (Jacobs 1959:13-15). Die één blywende waarheid van die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

evangelie wat uit die Skrif geken kan word, moet in nuwe situasies nuut bely word. Die implikasies van hierdie radikale standpunt dat die Skrif die enigste norm kan en mag wees, is dat die oud-kerklike belydenisse en die nuut gevormde belydenisskrifte enersyds die funksie van hoogstens hulp en oriëntering kan vervul, en andersyds dat die reeds geformuleerde belydenisse nie verdere en nuwe belydenisvorming sal verhinder nie. Gereformeerdes verhef die Skrif tot die enigste en finale gesag en relativeer só die gesag van die belydenisskrifte, omdat hulle nog altyd deeglik bewus was van die onvolmaaktheid van alle spreke oor God.[7] Die gesag en leiding van die belydenistradisie word dus aanvaar wanneer daar oor God nagedink word, maar die beperkings van hierdie historiese dokumente word altyd goed begryp, en daarom moet daar altyd vryheid wees om dinge nuut te sê. Die byna oordrewe bewussyn van die gevaar van verabsolutering, laat Gereformeerdes daarom toe om hulle eie belydenistradisie te relativeer, en om deurentyd ruimte te laat vir die moontlikhede van verbetering en vernuwing (Jacobs 1959:16; Rüegger 1988:320-324).

## 2.4 Die gesag van die belydenisskrifte

In die lig van die feit dat daar binne die Gereformeerde tradisie nie 'n afgeslote belydeniskanon bestaan nie, kom die vraag onwillekeurig weer na vore watse gesag die Reformatoriese belydenisskrifte dan het? Karl Barth (1960:727-733), en Walter Kreck (1974; 1977:268-270), sy leerling, wat op sy voetspore gevolg het, het na my mening die Calvinistiese standpunt korrek weergegee. Barth beskryf die konfessie (sy omskrywing vir belydenisskrifte) as 'n *tertium datur*. Hierdie "derde" is nie middelaar tussen God se woord en mensewoord nie. Dit is 'n ander mensewoord. Dit is 'n "gleichnishaft vorgeordnetes Menschenwort". Dit is volgens hom die eerste kommentaar op die Skrif. Dit kan nie in die plek van die Skrif kom nie. Dit kan ook nie in die plek van ons eie uitleg kom nie. Dit kan nie die enigste kommentaar wees nie. Dit moet egter as die belangrikste kommentaar altyd eerste gehoor word. Dit bly die kroongetuie van die waarheid van die Skrif. Dit bly as die belangrikste kommentaar,

---

[7] Die Lutheraan Ratschow (1978:197-198) meen egter dat die verskil in verstaan van belydenis tussen Calviniste en Lutherane teruggaan na die verskil in geloofsbegrip. Calviniste werk met die konsep van *cognitio* (om God te ken) en Lutherane werk weer met die konsep van *fiducia* (om op God te vertrou). Calviniste is vir hulle kennis oor God absoluut afhanklik van geskrewe Bybelwoord en wel die afsondelike verse. Die Lutherane konsentreer weer vir hulle vertroue op die gepredikte Woord. Calviniste is diengevolge biblisiste wat afhanklik is van een of ander inspirasieleer, en wat daarom geen behoefte het aan vaste leeruitsprake soos wat dit by Lutherane die geval is nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die koorleier van al die eksegetiese stemme. Dit wys ons, wat vandag eksegese moet doen, die rigting aan. Ons hoef egter nie in alles aan die belydenisskrifte gebind te wees nie, aangesien hulle bloot rigting wil aandui. Ons mag (en kan daarom ook) van sekere formulerings afstand doen, aangesien ons eindbestemming nie die formulerings en taalgebruik van 'n sekere epog is nie, maar die betuigde Woord van God in die Skrif. Ons moet egter ook besef dat ons nie in die totale afwesigheid van die konfessie eksegese kan doen nie. Regte eksegese (in totaliteit) kan nie gedoen word met die tweenatureleer, die triniteitsleer en die regverdigingsleer in die vergetenheid nie. Hiermee word die drie Protestantse "dogmas" nie tot leerwette verhef nie, maar daar word aanvaar dat hierdie dogmas outoriteit het omdat hulle betroubare kommentare op die Skrif is. In sy eie woorde nou:

> Was sie von uns will, das ist dies, daß wir uns mit ihr in der Einheit des Glaubens befinden sollen. Ihre Sätze geben uns die Richtung an, in der sie selbst, die Kirche von damals und dort, diese Einheit des Glaubens gesucht und gefunden hat. Nicht indem wir ihre Sätzen zustimmen und sie uns zu eigen machen, sondern indem wir uns durch diese Sätze diese Richtung weisen lassen, respektieren wir die Autorität der Konfesson. Eben darum kann es wohl sein, daß wir, indem wir uns von ihr diese Richtung weisen lassen, einzelnen oder auch vielen ihrer Sätze kritisch gegenübertreten müßen.
>
> (Barth 1960:735)

Bogenoemde standpunt ten opsigte van die outoriteit van die konfessie kom neer op die verwerping van die Ortodoksie. Volgens die Ortodoksie is die Reformatoriese belydenisskrifte belangriker as die oud-kerklike simbole[8]. Hulle is belangriker omdat daar net soos by die Skrif, sprake is van teopneustie. Die belydenisskrifte word daarom in terme van gesag, met die Skrif op een lyn geplaas (Hornig 1984a:75-77). Só 'n standpunt is eenvoudig onaanvaarbaar. Die belydenisskrifte ontvang hulle outoriteit van die Skrif. Hulle kan nooit die Skrif vervang nie, maar hoogstens heenlei na die Skrif (Van Genderen 1993b:153-165). Hulle het gesag wanneer daar bewys kan word dat hulle met die Skrif in ooreenstemming is (Althaus 1949:265). Belydenisskrifte is daarom geen onfeilbare dekrete nie. Op sigself het hulle geen

[8] Só het die teologiese fakulteit van Wittenberg in 1533 besluit (Hornig 1984a:75).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

formele kerklike outoriteit nie. Dit is hoogstens regte verwoording van die Skrif. Op geen manier kan hulle in terme van Roomse dogmas (leerstellings waaraan nooit verander kan word nie) verstaan word nie. Belydenisskrifte is geen leerwette nie. Dit is geestelike beslissings wat die kerk kan verander, wanneer die kerk vanuit die Woord tot ander insigte kom (Van Ruler 1947:60; Brunner 1960:110; Lohse 1978:21; Rohls 1987:318-320). Barth as dosent van die Heidelbergse Kategismus, waarsku selfs téén enige neiging tot "Heidelbergse ortodoksie". Barth (1948:15-16) meen dat dit onreformatories sal wees om die formulerings van Heidelberg te verabsoluteer. 'n Belydenisskrif is nie 'n ketting wat telkens bloot herhaal moet word nie. In die kerk is daar respek en dankbaarheid vir die Kategismus, maar daar is ook vryheid daarteenoor. Daar is vryheid, omdat ook die Kategismus ons uiteindelik net moet heenlei na die Skrif. Die gesag van die belydenisskrifte is dus relatief en afgelei. Dít is só, omdat daar in die Protestantisme gewerk word met die gedagte van die verhewendheid van die Skrifprinsiep bokant die tradisieprinsiep. Die stellings of die waarhede van die belydenisskrifte oor wie en wat Christus is, word nie uit die Skrif afgeskryf nie, dit moet daarin gesoek word. Belydenisskrifte is hoogstens antwoord op die openbaring, en daarom kan ons nie met die Ortodokse belydenisoutoritêre begrip werk nie (Brunner 1960:112). Selfs die konserwatiewe Gereformeerde dogmatikus, Herman Bavinck, stem met hierdie standpunt saam. Ook hy meen dat die belydenisskrifte gebrekkige reproduksies van die waarheid van die Skrif is. Hulle is dus feilbaar. Net die Skrif is *autopistis, judex controversiarum, sui ipsius interpres.* Die kerk, belydenis, en tradisie moet aan die Woord ondergeskik bly. Die Skrif is alleen *norma et regula fidei et vitae.* Belydenisskrifte het alleen gesag in dié mate wat dit met die Skrif ooreenkom. Hulle is dus menslik en feilbaar, en daarom *revisibil et examinabel* aan die Skrif. Die belydenisskrifte is hoogstens *norma secundaria, non veritatis sed doctrinae in aliqua ecclesia receptae* en daarom tog bindend op almal wat binne die kerk wil lewe (Bavinck 1928:22, 63; 1930: 401). Daar mag egter nie 'n verhewe gesag aan die belydenisskrifte toegeken word nie, aangesien dit die Protestantse Skrifprinsiep in gevaar stel. Daar is slegs van kerklike outoriteit sprake waar die Woord gehoorsaam word. Kerklike outoriteit is dus geestelike outoriteit, wat niks anders is as regte vertolking van die Woord nie. Op geen wyse mag die belydenisskrifyte dus tot 'n tweede bron van openbaring verhef word nie. Die konfessie bly hoogstens kommentaar, verklaring en aanwending van die Skrif, of anders

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gesê: die Skrif in eie woorde. Die konfessie is daarom nie 'n outoriteit bo of langs die Skrif nie, maar onder dit (Barth 1960: 666-694).

Ten spyte daarvan dat ons met Barth saamstem dat die belydenisskrifte bloot die rigtingaanwyser is, móét hulle as sodanig funksioneer en gebruik word. Indien die gesag van die belydenisskrifte as betroubare koersaanwysers ondergrawe of bloot geïgnoreer word, is die vraag wat het dan in die teologie gesag? In die meeste gevalle sal dit bloot 'n teologiese mening wees, en dít kan nie in die kerk geduld word nie (Brunner 1963:13). Om hierdie rede móét daar leertug wees. Die belydenisskrifte móét naas die funksie van koersaanduider ook die funksie van maatstaf van regsinnigheid hê. Leertug binne die kader van die belydenisskrifte is belangrik aangesien die kerk karaktervastheid moet openbaar, die verantwoordelikheid moet aanvaar om dwalendes terug te bring en toe te sien dat daar tot die eer van God teologie beoefen word. Belydenisskrifte is daarom die instrument wat die loflied van die gemeente begelei en die staf waarmee gewandel word, maar ook die stok waarmee geslaan moet word (Van Ruler 1947:65). Dit kan en mag as slaanstok gebruik word aangesien dit nie maar bloot menings van mense bevat nie, maar die waarheid van die Woord. Dit ís met die Woord in ooreenstemming (Polman 1956: 552). Aan hand van die belydenisskrifte moet die kerk dus diegene teëgaan wat ons belydenis weerspreek. Dít moet gedoen word met die oog op die bewaring van die eenheid van die kerk (Ned Herv Kerk 1962:16).

Ons sê dat die eenheid van die kerk deur die handhawing van die belydenis verseker word. Die vraag is: hoe kom 'n mens daarby uit? Die een antwoord wat 'n mens kan gee, is dat die belydenisskrifte konsensusdokumente is. Die lerende kerk streef na leerkonsensus. Leerkonsensus kom tot uiting in die belydenisskrifte. Of omgekeerd; belydenisskrifte is uitdrukking van die leerkonsensus in en van die kerk. Hierdie konsensus was nooit bedoel om slegs 'n regionale konsensus te wees nie (soos wat dit uiteindelik in Europa die geval was nie), maar 'n ekumeniese konsensus. 'n Belydenis(skrif) is daarom ook veel meer as 'n partikuliere groepnorm, aangesien dit aanspraak maak op 'n Skrifgetroue woord van die een, heilige algemene kerk (Wirsching 1980:489). Die bedoeling was oorspronklik dat belydenisskrifte uitdrukking van die konsensus van die hele kerk moes wees. Die aanspraak was nooit bloot ooreenstemming met die Skrif nie, maar ooreenstemming met die Skrif uit die perspektief van die leer van die vroeë kerk. Om hierdie rede kan die belydenisskrifte die status geniet van *consensus de doctrina evangelii*. Konsensus is egter nie iets


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

staties nie. Dit is ook nie iets wat alreeds in volkomenheid bereik is nie. Konsensus word altyd opnuut geskep deur interpretasie en uitleg wat uiteindelik in 'n belydenis tot uiting kom. Daarom is belydenis en dogma eskatologiese begrippe en is daar ruimte vir nuwe belydenisskrifte (Pannenberg 1988:23-26).

## 3. DIE WENSLIKHEID EN NOODSAAKLIKHEID VAN NUWE BELYDENISSKRIFTE

### 3.1 Prinsipiële standpunt

Binne die Gereformeerde wêreld sal daar seker altyd mense wees wat die wenslikheid en noodsaaklikheid van nuwe belydenisskrifte teëstaan. Die argument wat gewoonlik gebruik word is die volgende: Die Bybel, as die Woord van God, bevat nie net die openbaring nie, maar is self 'n verdere bron van God se openbaring. Die belydenisskrifte is getroue weergawes van die waarhede van die Skrif, en is daarom nie veranderbaar nie. Belydenisskrifte bevat daarom statiese, vaste en duursame waarhede en kan nie met die tyd voortdurend in beweging wees nie. Belydenisskrifte, is volgens hierdie mening, wel "examinabel" maar nie "revisionabel" nie. Die belydenisskrifte moet volgens hierdie mening in terme van inhoud en omvang daarom dieselfde bly. Dit moet slegs nuut verstaan word in nuwe situasies. Die belydenisskrifte as suiwer Skrifvertolking, is altyd aktueel, en daarom is daar binne hierdie denke geen behoefte aan hervorming en vernuwing van die belydenis nie (Polman s a:99-103). Die argument dat daar nie ruimte vir 'n nuwe belydenisskrif is nie, behalwe in die geval van nuwe ketterye, is problematies. Selfs konserwatiewe Lutherane, by wie 'n mens die standpunt verwag dat nuwe belydenisvorming nie meer moontlik is nie, huldig 'n ander standpunt as die mense van die Gereformeerde Ortodoksie. Ten spyte daarvan dat Paul Althaus (1949:294-297) meen dat die belydenisskrifte met die oud-kerklike simbole ooreenstem, is hy tog ook weer ten gunste van aktualiserende aksentplasings, mits dit as verdere ontvouing van die belydenis verstaan word. Volgens Lutherse leer moet die belydenis van die kerk altyd dieselfde bly. Maar, ten spyte daarvan, is daar altyd hernude aktualisering, en selfs nuwe formulerings moontlik. Die belangrike is egter, dat dit by nuwe insigte en formulerings, inhoudelik om dieselfde belydenis van die kerk deur die eeue moet handel. Die eenheid van die kerk moet bewaar word, en daarom mag geen nuwe leer


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

voorgedra word nie. Die één belydenis van die kerk kan volgens Althaus nou wel nie uitgebrei word nie, maar daar word minstens aanvaar dat die historiese uitdrukkingswyse uitleg nodig het. Hierdie uitleg kan geskied in die vorm van selfs 'n nuwe belydenisskrif, en vir só 'n belydenisskrif kan die tyd eenvoudig kom. Dat belydenisvorming binne die Lutherdom afgesluit is, is volgens hom 'n vooroordeel wat uit die geskiedenisfilosofie van die Romantiek stam en nie teologies begrondbaar is nie (Althaus:1949:294-297, 269). Kontemporêre Lutherse teoloë soos (Pannenberg en Sauter) meen ook dat belydenisvorming nie afgesluit kan wees nie. Pannenberg (1995a:130-132) en Sauter (1988:67) meen dat die Lutherse Reformasie nie getrou gebly het aan die oorspronklike verstaan van belydenis nie. Daar moes volgens hulle 'n "Fortschreibung" van die leerkonsensus gewees het. Met ander woorde: op grond van nuwe teologiese insigte moes daar nuwe konsensus ontstaan het en moet daar altyd weer nuwe konsensus ontstaan. Die proses moes nooit met die *Konkordienbuch* van 1580 tot afsluiting gekom het nie. Die spanning tussen belydenisformulering en Skrifgetuienis mag nooit opgehef word nie, sodat die valse indruk geskep kan word dat belydenisskrifte onfeilbare dokumente is nie. Lutherane, moet volgens Pannenberg (1995b:297), hulle self losmaak van hulle belydenisromantiek, sodat hulle vandag vernuwend kan werk. In alle Hervormde nugterheid moet ons ook tot die besef kom dat die Skrifgetrouheid van die belydenisskrifte altyd weer en weer bewys moet word. Ons sal verder ook moet besef dat die leer van die belydenisskrifte slegs dienende funksie het – dit wil bloot die Skrif self aan die woord stel. Die outoriteit van die konfessie is nie absoluut nie, maar relatief en daarom kan die respek vir die konfessie ook slegs relatief wees. Die belydenis of die "dogma" van die kerk is 'n eskatologiese begrip. Dit beteken: dit is onvolmaak, en daarom feilbaar en noodwendig veranderbaar. Dit is geen laaste woord nie, maar slegs geldig tot verdere kennisgewing. Die moontlikheid bestaan dus om dinge anders en selfs beter te sê (Barth 1960:737; Sauter 1972a; Kreck 1974:54). Hierdie is geen nuwe standpunt nie. Die *Confessio Gallicana* (1559) het in Art 5 alreeds gepraat van die voorlopigheid van selfs die oud-kerklike simbole. Die *Confessio Scotica* (1560) is weer opgestel ten spyte van die feit dat die Skotte op daardie stadium oor die belydenisskrif van die Hugenote beskik het. Dit is dus baie duidelik dat Calviniste hulle geloof altyd weer opnuut bely. Die rede is dat hulle daarvan oortuig is dat egte belydenis nie net die herhaling van sitate kan wees nie. Hulle wil selfstandig in elke nuwe situasie bely (Jacobs 1959:12-13). Net so min as wat 'n blote Skrifsitaat Skrifmatigheid bevestig,


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

is 'n bloot repiterende en resiterende belydenis wat by die vrae van die eie tyd verbygaan 'n ware belydenis (Wenz 1990:20). Belydenisse, belydenisskrifte en selfs dogmas kan verder ontwikkel word, beter verduidelik word, beter gestel word, en indien dít nie suksesvol is nie, kan selfs nuwes gemaak word (Lohse 1978:20).

'n Nuwe belydenis(skrif) behoort werklik nie 'n vreemde saak te wees nie. In teendeel, dit behoort 'n vanselfsprekendheid te wees. Belydenis is 'n voortgaande proses. Belydenisvorming en die werk van die Heilige Gees het tog nie by die Reformasie opgehou nie. Niks behoort 'n kerk of kerke te verhoed om hulle verstaan van die evangelie belydenisagtig vir hulle eie tyd te verwoord nie. Belydenis kan tog nie beperk word tot die bewaring van die tradisie nie (ten spyte daarvan dat dít uiters belangrik is). Ons mag nie die mening van die Ortodoksie deel dat die belydenisskrifte finale formulerings van die volle Bybelse leer is nie. Daarmee hef jy nie hulle waarde en waarheid op nie, maar aanvaar jy hulle historiese relatiwiteit en verhoed dat die tradisie in 'n onverbeterlike mag ontaard. Saam met die Presbiteriaanse Kerk van Nieu-Zeeland wil 'n mens die volgende sê: "... Christian truth is not to be confined to any historic or contemporary interpretation and ... the Church is always under obligation to study the Faith, to be willing, under the guidance of the Holy Spirit, to receive new insights, and to proclaim the Faith in words and deeds relevant to the needs of the age" (Rüegger 1988:323). Ons moet dus nie die vaders bloot napraat nie. Ons moet self die taak oorneem om te bely. Ons is net getrou aan die ou waarhede as ons hierdie ou waarhede vandag nuut sê. Ons moet verder besef dat die Skrif nie uitgeput is nie. Daar móét daarom ruimte wees vir nuwe belydenisskrifte. Juis in ons post-moderne tyd met talle nuwe probleme, moet ons die moed hê om self, nuut en oorspronklik ons geloof te bely (Ned Herv Kerk 1962:10, 25-26).

### 3.2 Is daar vandag nood aan 'n nuwe belydenisskrif?

Op die vraag of daar op hierdie stadium in die Hervormde Kerk se geskiedenis nood is aan 'n ander en of nuwe belydenis(skrif) kan daar nie 'n reglynige antwoord gegee word nie. Hier aan die einde van 1999 blyk dit nie of daar werklik só 'n nood bestaan nie. Dit beteken egter nie dat daar nie in 2000 nood aan só iets sal bestaan nie. Ons kan ook nie sê dat daar in 2000 'n nuwe belydenis(skrif) geskep gaan word nie. 'n Belydenis ontstaan in die vryheid van die Heilige Gees en kan nie beplan en volgens hierdie beplanning gemaak word nie (Barth 1986:265-266). Ons kan daarom nie nou sê dat daar 'n nuwe belydenis aan die kom is, of aan die kom moet wees nie. 'n Nuwe

 Digitised by the University of Pretoria, Library Services 

belydenis word gebore en hierdie geboorte kan nie voorspel of aangejaag word nie (Van Ruler 1947:107). Aan die ander kant mag die Hervormde Kerk ook nie toelaat dat die kerk van belydenisswakheid beskuldig word nie. Indien 'n nuwe belydenis gebiedend raak, móét die kerk se verantwoordelikheid nagekom word. Een rede hoekom 'n nuwe belydenisskrif gebiedend kan raak, is as gevolg van nuwe ketterye en leerdwalings. Die kerk sal net soos in die verlede hierdie verkeerdhede moet beveg en die regte koers moet aandui. Dít kan, in uiterste situasies, in nuwe belydenisskrifte gedoen word (Polman 1956:552; Van Ruler 1947:79). Op hierdie stadium lyk dit nie of daar grootskaalse leerdwalings verkondig word nie. Om hierdie rede bestaan daar nie tans 'n behoefte aan 'n nuwe belydenisskrif waarin spesifieke leerdwalings beveg word nie. In die toekoms kan die prentjie egter verander. 'n Ander rede hoekom 'n nuwe belydenisskrif gedurig as 'n moontlikheid oorweeg moet word, is omdat ons werk op die sendingveld dit nodig mag maak. Van Ruler (1954:38-40) het tereg daarop gewys dat die primêre taak van die kerk die uitvoering van die apostolaatsopdrag is. Christus moet aan al die volke verkondig word, sodat hulle uiteindelik sy naam sal bely. Die apostolaat gaan dus aan die konfessie vooraf. Deur die uitvoering van die apostolaatsopdrag ontstaan daar telkens nuwe vorme van Christendom. Volgens hom is dit 'n noodsaaklikheid en 'n noodwendigheid dat die jong kerke, as nuwe gestaltes van die Christendom, hulle eie belydenisse sal formuleer, solank dit in die verlenging van die eerste belydenisse lê. Hierdie standpunt is verdedigbaar op grond van die katolisiteit van die kerk, omdat katolisiteit nasionaliteit, partikulariteit en pluriformiteit juis nie uitsluit nie, maar insluit. Dit behoort in ons geval daarom oorweeg te word om die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, as produk van ons apostolaatsarbeid, daarop te wys dat nuwe belydenisvorming wat die taal en denkkategorieë van Afrika adem, sinvol en dalk selfs noodsaaklik kan wees. Op hierdie wyse kan ons minstens instrumenteel wees by nuwe belydenisformulering in Afrika.

Die vraag bestaan of daar afgesien van moontlike ketterye, vandag rede is vir die opstel van 'n nuwe belydenisskrif? Ek wil graag na 'n klompie probleme verwys wat anleiding kan gee tot 'n nuwe belydenisskrif, sonder om daarmee te beweer dat daar na aanleiding van hierdie probleme noodwendig 'n nuwe belydenisskrif móét ontstaan. 'n Probleem wat aanleiding tot 'n nuwe belydenisskrif kan gee, is dat die oues net nie meer die nodige impak het as wat hulle in die verlede gehad het nie. Almal behoort te weet dat die waardering vir die drie Formuliere van Eenheid die afgelope dekades, ook in die Hervormde Kerk, afgeneem het. Die rede kan wees dat


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

daar 'n geestelike insinking in die kerk ingetree het. Maar, die oorsaak kan egter ook na kultuurhistoriese faktore teruggevoer word. Die besef het alreeds ontstaan dat die belydenisskrifte die taal van 'n ander eeu en situasie praat, en daarom nie meer ten volle relevant is vir die situasie vandag nie. Natuurlik is hulle relevant ten opsigte van die temas wat daarin behandel word, maar hulle is nie relevant ten opsigte van nuwe eietydse vraagstukke nie. 'n Mens moet dit maar aanvaar dat daar vandag met vraagstukke geworstel word wat die Reformasie nie geken het nie, soos byvoorbeeld die botsing tussen geloof en natuurwetenskap, die konflik tussen eskatologie en die menslike rede en die eenheid tussen verskillende kerke uit verskillende rassegroepe. Die historiese kritiek en eksegese het die aansien en geldigheid van die ou belydenisskrifte ook diep aangetas. Die histories-kritiese eksegese is 'n saak wat in die toekoms miskien wel tot 'n nuwe belydenisskrif aanleiding mag gee. Juis omdat die Reformatoriese belydenisskrifte nog nie met hierdie realiteit rekening kon hou nie, mag dit dalk nodig word om belydenismatig iets oor hierdie saak te sê, aangesien die meeste "teologiese oorloë" na aanleiding van die historiese kritiek gevoer word (Hornig 1984a:75). Die kerk het 'n ongemak met bepaalde uitsprake van die belydenisskrifte ontwikkel, soos byvoorbeeld dat die *NGB,* Art 4 beweer dat die Hebreërbrief deur Paulus geskryf is. Uiteindelik kan niemand dit ook betwyfel dat daar 'n hele reeks teologiese besware teen die belydenisskrifte ingebring kan word nie, soos wat selfs konserwatiewe, konfessioneelgebonde teoloë soos Volten, Miskotte, Noordmans, Berkouwer, Verkuyl, en selfs Kuyper (vgl Jonker 1994:152-155) ook gedoen het. Al hierdie besware kan daartoe aanleiding gee dat ingesien word dat 'n nuwe belydenisskrif alreeds 'n noodsaaklikheid is.

Ons leef in tye van aanvegting, en die vraag is of hierdie aanvegtings nie dalk rede genoeg is vir 'n nuwe belydenisskrif nie? Aanvegtings kan oor verskillende sake handel. Dit sluit omstandighede en toestande in. Vir baie dekades al, voel mense dat die proses van sekularisasie na 'n belydenis roep. Van Ruler (1947:108) het al lankal gemeen dat 'n nuwe belydenis uit noodweer teen die moderne heidendom nodig is. Ek meen dat ook ons deeglik daaroor moet besin of die verwêreldliking nie 'n situasie skep wat ons dwing om opnuut en in ander woorde ons geloof te bely nie?

Die Duitsers was rondom die Tweede Wêreldoorlog gedwing om die waarheid van die evangelie teenoor ideologieë te verdedig. Die vraag is of ons nie dalk ook nog steeds deur 'n ideologie beheers word waarteen stelling ingeneem moet word nie? Die kerk se oë sal egter ook oop moet wees vir nuwe idelogieë waarmee politici

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

mense wil manipuleer. Ook teen nuwe ideologieë sal daar stelling ingeneem moet word.

Politiek het in die verlede, en sal ook in die toekoms 'n geweldige invloed en impak hê op die lewe en denke van die lidmate van die kerk. Die utopiese verwagtings en neerdrukkende wanhopighede wat politiek skep, kan veroorsaak dat dit vir die kerk gebiedend raak om die verhelderende lig van die evangelie deur middel van 'n nuwe belydenis te laat skyn. 'n Nuwe belydenisskrif na aanleiding van ons politieke situasie, is glad nie so vergesog nie.

Politiek veroorsaak nie net hoop en wanhoop nie. Dit veroorsaak ook skuld. Ná die Waarheids- en Versoeningskommissie weet ons as Suid-Afrikaners dit baie goed. Vir die volgende jare gaan die teologiese debat (minstens in die Hervormde Kerk) in 'n groot mate toegespits wees op die vraag of ons skuld moet bely oor ons aandeel aan apartheid, of nie? (vgl Van Wyk 1997 vir volledigheid). Belydenis as skuldbelydenis gaan dus hoog op die agenda van die kerk wees.

Die tema van die eenheid van die kerk was in die 20e eeu dié tema wat tot talle nuwe belydenisse, veral binne die ekumeniese beweging, aanleiding gegee het. Ten spyte hiervan is die probleme oor die gestaltes van kerkeenheid nog lank nie opgelos nie (Lohse 1978:26-27). Die worsteling sal voortgaan, en die kerke in Suid-Afrika, insluitend die Hervormde Kerk, gaan ook nog in die nuwe millennium intensief met hierdie problematiek moet worstel. Ons spesifieke probleem sal toegespits wees op die eenheid van kerke uit verskillende rassegroepe (Jonker 1994:154). In hierdie geworstel kan die uur vir 'n nuwe belydenis eenvoudig kom.

In die laaste instansie kan nuwe belydenisse nodig raak weens liturgies-doksologiese behoeftes. Nuwe belydenisse kan 'n behoefte raak, omdat daar 'n nood kan ontstaan vir totale liturgiese vernuwing. Talle mense kan egter anders oordeel en meen dat nuwe belydenisse nie werklik nodig is nie, aangesien liedere in elk geval die belydenis van die kerk uitbasuin. Volgens hierdie mense sou die kerk nie nuwe woordbelydenisse nodig hê nie, maar slegs nuwe liedere. Niemand sal dit ontken dat nuwe liedere nodig is nie. 'n Mens sal egter met hierdie standpunt baie versigtig moet omgaan. Om die kerk se belydenis in liedere te besing is één ding. Om die belydenis met liedere te vervang is 'n ander ding. Die Christendom was nog altyd 'n "creedal religion" omdat dit nog altyd teologies ingestel was (Leith 1977:1). Indien die aandrang in die Hervormde Kerk groei dat die belydenisse met liedere vervang moet word, kan dít 'n teken wees dat die probleme waarmee Europa en Amerika worstel,


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ons ook ingehaal het. Hierdie probleme kom daarop neer dat daar in ons wêreld 'n gees van vrysinnigheid en antileerstelligheid heers (Jonker 1994:152). Hierdie probleem van belydenisvyandigheid het oor eeue ontwikkel. Dit was veral die tradisievyandigheid van Leopold von Ranke en die aandrang van Adolf von Harnack om na 'n ondogmatiese Christendom terug te keer wat hierdie gees oor veral Europa laat heers het. Friedrich Schleiermacher, wat byvoorbeeld nie bereid was om van die ou belydenisskrifte afstand te doen nie, was uiteindelik gedwing om 'n nie-Reformatoriese ekklesiologie voor te hou. Volgens hom moet die kerk maar verander vanaf 'n leerinstelling na 'n instelling waar daar op grond van 'n gemeenskaplike gees saamgewerk word. Konsensus, was hy oortuig, kan nie meer op grond van die waarheid van die Skrif tot stand kom nie, maar slegs nog op grond van 'n gemeenskaplike spiritualiteit. Die kerk moet daarom ook nie meer probeer om mense op grond van die waarheid byeen te bring nie, maar moet ter wille van gemeenskapsideale probeer om soveel mense as moontlik te akkommodeer (Sommer 1989:298-314). Die kerk sal téén hierdie gees moet veg. Ons mag nie toelaat dat ons mede-skeppers word van 'n ondogmatiese Christendom nie. Die gevaar van geloof sonder belydenis, is dat geloof kan vervlak tot blote gelowigheid, wat nie weet wat geglo (moet) word nie. Die konsekwensie van die verwerping van die belydenisse en dogmas, is dat uiteindelik toegegee moet word dat die Heilige Gees nie in die verlede in die Reformasie werksaam was nie (Lohse 1978:9,18,22). Ons mag verder ook nie die waarheidsvraag (belydenisse en dogmas gaan om die waarheid van die evangelie) eenvoudig van die tafel af vee nie, aangesien die waarheid van die evangelie nie ondergrawe mag word nie (Koch 1985:237). Ons groot probleem vandag is die sogenaamde "Protestantisme buite die kerk" (wat 'n ondogmatiese Christendom wil wees). Die aanhangers van hierdie ideaal geniet die aandag en die publisiteit in die massamedia omdat die oortuiging leef dat hierdie mense alleen die moderne heidendom kan bereik en invloed in die kultuur kan uitoefen. Ons mag nie aan hierdie misleiding toegee nie, aangesien ek saam met Gunther Wenz (1997:325) oortuig is, dat groot kultuurinvloed nét uit 'n "belydenisgeoriënteerde kerkdom" sal kan kom. Woordbelydenisse sal daar dus móét wees, sodat ons 'n weg te midde van die talle dwalings tot die waarheid van Gods Woord kan hê. Ons kan nie in 'n wêreld vol van leuens en bedrog sonder 'n reël vir die geloof bestaan nie (Bavinck 1928:6; 1930:401).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 3.3 Die belydenisopbrengs van die laaste dekades

'n Nuwe belydenisskrif sal nie 'n nuwigheid wees nie. Die Gereformeerde Protestantisme het die laaste dekades talle nuwe belydenisse opgelewer. Die ruimte ontbreek om hier 'n volledige oorsig te gee van die belydenisopbrengste van die laaste dekades (vir 'n volledige oorsig oor die Gereformeerde tradisie kan gekyk word na Vischer 1988). Ons kan egter kortliks na enkele belydenisse verwys, wat na aanleiding van sekere probleme ontstaan het.

Sedert die Barmen Teologiese Verklaring (1934) het nuwe belydenisvorming kenmerkend geword van die Calvinistiese wêreld (Rüegger 1988). Barmen was die impuls vir talle belydenisse wat op een of ander wyse met die politiek te make gehad het. In Suid-Afrika, het 'n hele reeks van belydenisse en verklarings die lig gesien, wat met die apartheidspolitiek te make gehad het. Barmen – hoe min daarvan nou ook verstaan is – was tot 'n groot mate die impuls agter talle van hierdie belydenisse. Ek verwys graag na die volgende: *The message to the people of South Africa* (1968), *A declaration of faith for the Church in South Africa* (Presbiteriane 1973), *Theological declaration* (Broederkring NG Kerk 1979), *The five articles of the theological basis of the Alliance of Black Reformed Christians in South Africa* (ABRESCA 1981), *Ope brief* (123 predikante van NG Kerk 1982), *Die belydenis van Belhar* (1982), *The liturgical confession and draft confession of faith of Abresca* (1983), *The Kairos document* (1985), *Geloof en Protes* (1987), *The Evangelical witness* (1988), *The relevant Pentecostal witness* (1988) (kyk na Jonker 1994:152-183 vir volledige inligting).

In die laaste dekades het daar talle belydenisse ontstaan wat met die soeke na kerklike eenheid te make het. Dit was veral die ekumeniese organisasies wat 'n hele reeks van belydenisse oor hierdie tema opgelewer het. Die tekste kan gevind word in onder andere Leith (1977) en Vischer (1965). 'n Kort en bondige stuk oor die teologiese agtergronde kan gevind word by (Lohse 1978:237-249). Talle skuldbelydenisse is sedert die Tweede Wêreldoorlog geformuleer en uitgespreek. Vir 'n volledige oorsig oor die Duitse en Suid-Afrikaanse opbrengste kan na my artikel van 1998 gekyk word. Ek wil hier net graag verwys na die belydenis wat die Verenigde Kerk in Japan in 1967 uitgespreek het na aanleiding van die Tweede Wêreldoorlog as 'n voorbeeld van 'n politieke skuldbelydenis: "In der Tat, als unsere Nation Fehler beging, sündigten wir als Kirche mit ihr. Wir erfüllten unsere Aufgabe als 'Wächter' nicht. Jetzt bekennen wir mit tiefen Schmerz in unseren Herzen diese Sünde, erbitten


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Vergebung vom Herrn, von den Kirchen und unseren Brüdern und Schwestern weltweit, insbesondere von denen in asiatischen Ländern" (Rüegger 1988:318-319).

Verskeie belydenisse het in die jongste tyd ontstaan as oriëntasie in die kompleksiteit van 'n veranderde situasie. Hierdie belydenisse konsentreer op herderlike, kategetiese en missionêre aspekte van kerkwees. Probleme soos die tegnokrasie, kernbewapening, menseregteskendings en ekologiese verwoesting het die aandag geniet. Twee kort uittreksels (kyk Rügger 1988:315 vir volledigheid) uit belydenisse kan 'n aanduiding gee waaroor dit gaan:

> Wir sind nicht allein, wir leben in Gottes Welt
> Wir vertrauen auf Gott
> Im Leben, im Tod, im Leben jenseits des Todes
> ist Gott bei uns.
> Wir sind nicht allein
>
> (United Church of Canada)

> As followers of Jesus Christ,
> living in this world,
> which some think they can control,
> but which others view with despair,
> we declare with joy and trust:
> Our world belongs to God!
>
> (Christian Reformed Church of America)

### 3.4 Riglyne en kriteria vir die beoordeling van nuwe belydenisskrifte

Talle van die belydenisse waarna so pas verwys is, laat veel te wense oor. Die teologiese gehalte is dikwels swak, en in talle gevalle word van etiese sake dogmatiese kwessies gemaak. Wanneer mense in die Hervormde Kerk 'n nuwe belydenis of belydenisskrif wil opstel, sal die hele proses met uiterste teologiese skerpsinnigheid begelei moet word, om te verseker dat werk van kwaliteit gelewer word. Een manier om dít te verseker, is om van die begin af duidelikheid te kry oor die beweegredes vir en motiewe agter só 'n stap. Beweegredes en motiewe kan geïdentifiseer word wanneer


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die geanviseerde funksie van die belydenis uitgespel kan word. Die volgende verwagte funksies van belydenisse kan kortliks[9] genoem word:

- **Selfdefinisie**

Binding aan 'n nuwe belydenis(skrif) kan die bedoeling van hernude selfdefiniëring hê. Of anders gestel: deur binding aan 'n nuwe belydenis(skrif) kan 'n kerk identiteit skep of herbevestig.

- **Gemeenskapsfunksie.**

Binding aan 'n nuwe belydenis(skrif) kan die bedoeling hê om 'n besondere gemeenskapservaring te skep. Dit wil met ander woorde mense met bepaalde oortuigings laat saam leef en werk.

- **Afgrensingsfunksie.**

Met 'n nuwe belydenis(skrif) kan 'n geloofsgemeenskap doelbewus van ander geloofsgroepe afgegrens word. Hierdie afgrensing kan op grond van regte en verkeerde teologiese beslissings geskied.

- **Kerugmatiese funksie.**

Die bedoeling van 'n nuwe belydenis(skrif) kan wees om die geloof opnuut vir die eie tyd te verwoord. Dit kan die bedoeling hê om die wesenlike aspekte van die geloof vir die eie tyd duidelik maak, sodat die evangelie weer met vrymoedigheid en oorgawe verkondig kan word.

- **Doksologiese funksie.**

Alhoewel 'n belydenis altyd op God gerig is, kan spesifieke belydenisse met die bedoeling geskep word om tot lofprysing in die erediens aan te spoor.

- **Kategetiese funksie.**

Die bedoeling van 'n nuwe belydenis(skrif) kan kategeties van aard wees. Die oorsprong kan teruggevind word in die behoefte aan nuwe en of beter kategeseboeke.

---

[9] Vir volledigheid kan daar na Schwarz (1984:437-441) gekyk word.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Indien die Hervormde Kerk van die begin af weet wat die bedoeling met 'n voorgestelde belydenis is, sal daar makliker geoordeel kan word of hierdie belydenis noodsaaklik is en of mense, met hulle eie belange, nie dalk besig is om die kerk te mislei nie. Laat ek voorbeelde gee: indien daar 'n behoefte is aan 'n eietydse verstaan van die geloof, is die vraag of dit nie voldoende sal wees om net 'n eietydse uitleg van die *Credo* te gee nie? Is 'n nuwe belydenis werklik nodig? Sal 'n nuwe belydenis werklik beter wees? Sal 'n nuwe belydenis nie dalk meer teologiese probleme skep nie? Die kritiese vraag sal byvoorbeeld ook gevra moet word of mense hulle nie dalk, met die hulp van 'n nuwe belydenis, bloot van ander mense wil afskei nie. Daar sal dus deeglik gekyk moet word wat alles sosiaal-psigologies en polities agter nuwe belydenisvorming lê. Indien afsondering as die hoofmotief geïdentifiseer sou word, sal die kerk weet om nie verder by hierdie proses betrokke te wees nie, aangesien die belydenis oor die eenheid van die kerk dit nie toelaat nie. Die kerk sal dus elke voorgestelde belydenis krities moet beoordeel. Daar sal vasgestel moet word of dit nodig en heilsaam vir die kerk gaan wees en of dit oorbodig en skadelik gaan wees?

Mense wat in die toekoms moontlik aan 'n nuwe belydenis(skrif) sou dink en werk, sal dit in gedagte moet hou dat daar 'n hele reeks kriteria is waaraan 'n belydenis(skrif) moet voldoen om as sodanig gereken te word:

- **'n Belydenis(skrif) moet op 'n bepaalde wyse tot stand kom.**

'n Belydenis(skrif) kom in die kerk tot stand, op grond van die teologiese beslissings van die gemeente. Die implikasie hiervan is dat 'n belydenis(skrif) nie die produk van 'n enkeling kan wees nie, en nog minder van 'n (gedeelte van 'n) volk. 'n Belydenis(skrif) is die produk van 'n lewende kerk, 'n kerk van beslissings (Barth 1986:259-261). Die beslissings wat gemaak word is keuses vír die regte geloof en protes teen die valse geloof en die bygeloof. 'n Belydenis(skrif) is dus ten diepste die resultaat van 'n geveg téén ongeloof, bygeloof en valse geloof. Daar moet dus ook besef word, dat 'n credo net in uiterste keusesituasies tot stand kan kom. Die geleentheid vir 'n nuwe credo is dus nie elke dag daar nie (Sauter 1972: 212). 'n Credo is 'n aksie, en nie net reaksie teen die verkeerde nie. Dit is ten diepste die bereidheid om te ly vir die waarheid van die evangelie. Wanneer daar bereidheid is om te ly, sal die versekering ook daar wees dat dit werklik net om die eer van God gaan en nie om eie idees en behoeftes nie (Barth 1957:84-89). 'n Belydenis(skrif) kom tot stand omdat die kerk móét bely. Daar móét bely word nadat alle ander moontlikhede uitgeput is in die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

stryd en teenstand teen die verkeerde. Nadat die kerk op die mond geslaan is, word 'n credo geskep omdat dít dan al is wat nog gedoen kan word om die waarheid van die evangelie en die eer van God te red (Barth 1960:698-702).

- **'n Belydenis(skrif) moet die konsensus in die kerk herstel, bewaar en bevorder**

Aangesien 'n nuwe belydenis(skrif) die produk is van verset teen ongeloof, óf valse geloof, óf bygeloof, moet herstelde konsensus (Barth 1960:714) die eindpunt van die werkingsgeskiedenis van hierdie geskrif wees. Die eenheid van geloof, wat versteur is deur 'n dwaling, moet herstel word indien 'n nuwe credo doelmatig wil wees. Vanselfsprekend moet hierdie nuwe credo daarom die reeds bestaande eenheid en konsensus bewaar en nie versteur nie (Barth 1960:704). Trouens, 'n nuwe belydenis kan en mag nie die oues ophef nie. Dit kan en mag daarom ook nie in die plek van oues tree nie, maar moet die agting en die respek vir die oues bevorder en bestendig (Weber 1972:42). Alhoewel 'n nuwe belydenis dus noodsaaklik mag wees, moet dit eintlik dieselfde sê as die oue. Dit kan en mag die ou dinge anders sê, dit modern sê, maar dit moet dieselfde sê as wat die vroeë kerk en Reformasie gesê het. Dit moet met ander woorde 'n herhaling en 'n herbevestiging van die oue wees, en alleen in hierdie sin kan en mag dit presisering en uitbreiding wees (Van Ruler 1947:102-3; Barth 1960:701; Van Niftrik 1961:29; Pannenberg 1995a:126-127). Omdat 'n Protestantse credo in teenstelling tot die Roomse dogma dit nie op die oog het om bepaalde geloofswaarhede bloot aanvaar te kry nie, maar om die geloofskonsensus te bewaar (Herms 1985:212), moet 'n belydenis(skrif) die waarheid van die evangelie in 'n voorkritiese stadium aanbied. Dit moet daarom nie 'n poging wees om die waarheid van die evangelie teenoor ander waarheidsaansprake aanvaarbaar te probeer maak nie. Dit mag daarom op geen wyse poog om teologie te wees nie. 'n Belydenis(skrif) moet nie poog om die evangelie insigtelik te maak nie, dit moet die waarheid van die Skrif verwoord en niks meer nie (Pannenberg 1995a:133-134).

- **'n Belydenis(skrif) moet ten diepste Christus-belydenis wees.**

Die hart en kern van die vorige belydenisse was Christus-belydenis. Die beginpunt, middelpunt en eindpunt van nuwe belydenisse moet daarom ook die persoon Jesus Christus wees (Van Niftrik 1961: 27). Die rede: 'n belydenis gaan nie oor teologiese

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

waarhede, feite van die lewe, perspektiewe oor menswees of morele gesindhede nie (Barth 1957:92; 1986:261-2). 'n Belydenis kan dus nie oor etiese en kulturele sake handel nie. 'n Belydenis, 'n ware Christus-belydenis, het werklik waar niks te make met norme, waardes en ideale nie (Van Ruler 1947:80). Ten spyte van die feit dat 'n belydenis na aanleiding van kultureel-politieke gebeure en omstandighede kan ontstaan (soos die Barmen Verklaring), is belydenisse nie kulturele of politieke verklarings nie. Ten spyte daarvan dat daar 'n kans is dat verkeerde etiese gedrag na aanleiding van 'n belydenis geweer kan word, kan daar nie so iets soos 'n etiese belydenis, en daarom so iets soos 'n "etiese kettery" wees nie. "Etiese belydenisse" het in die laaste dekades ontstaan op grond van die identifisering van "etiese ketterye". "Etiese ketterye" is die apatiese houding van veral Westerlinge teenoor lyding, in veral die Derde Wêreld. Die bedoeling van hierdie "etiese belydenisse" is om die maatskaplike verantwoordelikheidsbesef op te skerp, deur van 'n "voorbeeld-Christologie" gebruik te maak. Skuld en straf word profeties, op grond van die nalating van sosiale verantwoordelikhede, verkondig. Die konsekwensie is uiteindelik dat gelowiges voor die gerig van die massamedia geplaas word, waar daar op grond van belydenisdwang gepoog word om mense se etiese houdings te verander. Een konsekwensie is dat ons met 'n nuwe afgrensing van mense te make kry. Mense grens hulle nou nie meer teenoor ander af op grond van die waarheid en leerdwalings nie, maar op grond van etiese gesindhede. Die rede: in die plek van die Christus-belydenis kom 'n program vir sosiale handeling. Ons sal goed doen om altyd die volgende Lutherwoord (*WA* 30, II, 422, 13) van Julie 1530 te onthou: *Haereticus dici non potest, qui praecepta operum divina transgreditur*/ (iemand) mag nie as 'n ketter beskou word wat [bloot] die Goddelike werke (dit is die gebooie) oortree nie (kyk na Slenczka 1980:252-260 en Honecker 1984:258-263 vir volledigheid).

- **'n Nuwe belydenis(skrif) moet by die Christus-belydenis hou.**

Die werklikheid van God (Jesus Christus) is vir die wêreld net in die belydenis van die geloof voorhande, aangesien dit slegs op hierdie wyse oorgedra kan word. Elke belydenis kan en mag dus net Christusverkondiging wees. Daar sal daarom noulettend toegesien moet word dat 'n nuwe belydenis nie maar net 'n ontlastingsfunksie wil vervul nie. Met ons groot kommunikasie- en verstaansprobleme in die moderne Westerse wêreld kan 'n belydenis maklik gebruik word om moeilike teologiese debatte te ondermyn. Dit kan ook gebruik word om in 'n wêreld met baie onsekerhede,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

verwarrings en sinloosheid, totale singewing aan te bied. Wanneer 'n belydenis werklikheidsverstaan wil wees, was dit nooit bedoel om 'n Christus-belydenis te wees nie (Sauter 1972b:217-237).

- **'n Nuwe belydenis(skrif) moet ekumenies wees**

'n Belydenis, 'n Christus-belydenis, kom uit die geloof van die gemeente. Dit het daarom niks te make met die private geloof van 'n enkeling nie. Dit het te make met die geloof van die gemeente wat voortspruit uit die aanhoudende hoor van die Woord (Barth 1957:90-91). 'n Belydenis is ook méér as die resultate van die teologiese navorsing van 'n enkeling. Dit het die aanspraak om "dogma" te wees. Dit het die bedoeling om universeel te wees, ten spyte daarvan dat dit uit 'n kerk of 'n deel van die kerk kom (Barth 1960:699-700). 'n Belydenis moet dus ekumenies wees, indien dit ware belydenis wil wees. Die vaders en die broeders moet saam kan bely. Indien hulle nie saam sou kon bely nie, indien die belydenis nie ekumenies is nie, is dit geen ware Christus-belydenis nie. 'n Belydenis is dus geldig wanneer dit waarhede van die evangelie betuig in die naam van die ganse kerk (Althaus 1949:262). Dít is die waarheid wat ons as Calviniste by die Lutherane sal moet oorneem. In ander woorde: 'n nuwe belydenis(skrif) moet nie katolisiteit van die kerk versteur nie. Dit moet nie die verbondenheid van die Christendom oor die hele aarde op grond van hulle ooreenstemming oor wat die evangelie is, versteur nie.

- **'n Nuwe belydenis(skrif) moet die ekumene uitdaag**

'n Nuwe belydenis(skrif) mag nie die selfdaarstelling van 'n bepaalde groep en uiteindelik die selfregverdiging van hulle ideale dien nie. 'n Belydenis is nie bedoel om die andersheid en afskeidingsdrang van 'n bepaalde groep te legitimeer nie. 'n Belydenis is 'n missionêre uitnodiging om die waarheid van die Skrif saam te bely. Dit wil die res van die kerk uitdaag om saam met die opstellers voor die regterstoel van die Skrif te gaan staan (Barth 1960:716, 719). Opstellers van 'n nuwe belydenis moet só oortuig wees van die teologiese waarheid van hulle geskrif dat hulle bereid moet wees dat daar aan die hand van hulle geskrif outomatiese kerktug sal plaasvind. Die res van die liggaam van Christus moet dus op 'n wyse uitgedaag word dat almal sal besef dat verwerping van hierdie belydenis die implikasie het dat mense hulle buite die koninkryk bevind. 'n Belydenis skep daarom intolleransie teenoor die verwerpers

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

daarvan, aangesien hulle die waarheid van die evangelie sou verwerp (Barth 1986: 262-263).

- **'n Nuwe belydenis(skrif) moet deur dade bevestig word**

Die nuwe belydenis moet nie net teoreties, maar ook prakties in stand gehou word. Hierdie belydenis moet in dade oorgaan. Dit moet deur dade, ja 'n totale lewenswyse ondersteun word. Mense moet bereid wees om met hulle hele lewe vir hierdie belydenis in te staan. 'n Weiering om dít te doen sal die belydenis ongeloofwaardig maak (Barth 1960:722- 724).

- **'n Nuwe belydenis(skrif) mag mense nie van die volle waarheid weglei nie.**

Soos die ou belydenisskrifte, kan nuwe belydenisskrifte mense ook weghou van die volle waarheid van die evangelie. Van Ruler (1971a:103-136) het gepraat van die "ultra-gereformeerde ketterye" onder die dekmantel van ortodoksie. Hy wys daarop dat nie net vrysinniges ketters kan raak nie, maar ook hulle wat roem op die handhawing van die belydenis. Die oomblik wanneer een perspektief (soos die predestinasieleer) die raamwerk word waarbinne alles verklaar word, word die Bybel verkrag. Net soos die ou "ultra-gereformeerdes" kan moderne gereformeerdes ook die evangelie tot enkele aspekte verskraal. 'n Nuwe belydenisskrif kan baie maklik ook openheid en soepelheid laat verander in verstardheid en geslotenheid, wat maar net weer gaan lei tot 'n nuwe vorm van geestelike hoogmoed.

## 4. WAT KEN EN MOET VANDAG GEDOEN WORD?

Aangesien 'n nuwe belydenis nie beplan of teologies uitgewerk kan word nie, en aangesien dit duidelik is dat daar nie tans nood is aan 'n nuwe belydenis nie, beteken dit nie dat ons niks aan belydenisvernuwing hoef te doen nie. In teendeel, ek meen dat ons drie dinge dringend moet doen. (a) Ons moet op hoogte kom en bly van die pogings tot 'n aktuele uitleg van die belydenis. (b) Ons moet ernstige ondersoek instel of dit nie miskien noodsaaklik is om 'n ander belydenis(skrif) uit die tydperk van die Reformasie ons eie te maak nie? (c) Ons moet ondersoek instel na die wenslikheid van onderskrywing van een of meer van die nuwe belydenisse uit die laaste dekades.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 4.1 Aktuele uitleg van die belydenisse en belydenisskrifte

Die belydenisse en belydenisskrifte is wesenlik belangrike geestesgoedere van die kerk. Sonder hierdie dokumente kan die kerk nie verantwoordelik funksioneer nie. Niemand minder as Immanuel Kant was daarvan oortuig dat die kerk belydenisse (simbole) en 'n kategismus moet hê waaraan die predikante hulle moet hou. Meer nog! Hy was van oortuiging dat predikante slegs op grond van hulle onderskrywing van die belydenisse in die kerk diensbaar mag wees. In sy epogmakende opstel, "Beantwortung der Frage: Was ist Aufklärung?" het hy gesê dat dit 'n noodwendigheid is dat die predikante, ten opsigte van hulle werk in die kerk, deur die belydenis(skrifte) van die kerk gelei moet word. Ten opsigte van die wetenskaplike besinning oor die evangelie, moet die wetenskaplike egter ook met die verstand bedien word – met ander woorde: daar moet ook vryheid wees om die waarheid en redelikheid van die evangelie te toets. In sy eie woorde:

> Eben so ist ein Geistlicher verbunden, seinen Katehismusschülern und seiner Gemeine nach dem Symbol der Kirche, der er dient, seinen Vortrag zu tun; denn er ist auf diese Bedingung angenommen worden. Aber als Gelehrter hat er volle Freiheit, ja sogar den Beruf dazu, alle seine sorgfältig geprüften und wohlmeinenden Gedanken über das Fehlerhafte in jenem Symbol, und Vorschläge wegen bessere Einrichtung des Religions- und Kirchenwesens, dem Publikum mitzuteilen. Es ist hiebei auch nichts, was dem Gewissen zur Last gelegt werden könnte. Denn, was er zu Folge seines Amts, als Geschäftträger der Kirche, lehrt, das stellt er als etwas vor, in Ansehung dessen er nicht freie Gewalt hat, nach eigenem Gutdünken zu lehren, sondern das er nach Vorschrift und im Namen eines andern vorsutragen angestellt ist.
>
> (Kant 1983:56)

Indien selfs 'n kritiese gees soos Immanuel Kant meen dat die belydenis van die kerk gerespekteer moet word, behoort ons alles moontlik te doen om te verseker dat hierdie respek bestendig en uitgebou word. Ons groot uitdaging vandag is om die ou belydenisse nuut en aktueel uit te lê. Voordat daar aan nuwes gedink kan word, moet ons die oues eers herontdek en aktualiseer. Wat dus nodig is, is nie 'n resiterende herhaling nie, maar 'n bindende aktuele uitleg van die ou simbole en belydenis-


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

skrifte (Brunner 1963:19, Lohse 1978:25, Rüegger 1988:323). Die belydenisse en belydenisskrifte moet daarom in die hart en sentrum staan van die gemeentelike besinning oor die evangelie. Indien daar nie in Bybelstudies, gespreksaande en kategese intensief aan die belydenis aandag gegee word nie, sal die kerk mettertyd ook sterf (Fangmeier 1985:588). Een noodsaaklike wyse waarop dit gedoen moet word, is om op hoogte te kom en te bly van eietydse pogings tot interpretasie en uitleg van die belydenisse en die belydenisskrifte – en om natuurlik self aan hierdie pogings deel te neem. Dit is daarom baie belangrik dat predikante van hierdie publikasies sal aanskaf en bestudeer. As voorbeelde[10] van wat in die mark beskikbaar is, noem ek kortliks die volgende: (a) Ten opsigte van die *Apostolicum*: Cranfield (1993), Koekemoer (1979), Küng (1992), Lochman (1982), McGrath (1991), NG Kerk (1992), Pannenberg (1972), Ratzinger (1990), Van Ruler (1971). (b) Ten opsigte van die *Nicaenum*: Staats (1996) en WCC (1996). (c) Ten opsigte van die *Heidelbergse Kategismus*: Barth (1948) en Van de Bank (1993). Bestudering van publikasies soos hierdie sal predikers help om die aktualiteit van ons belydenis te ontdek, en hulle in staat stel om eietydse probleme só te hanteer dat die eenheid met die kerk van alle tye nie verbreek word nie.

### 4.2 Die moontlike binding aan ander belydenisskrifte uit die Reformasietydperk

Die Kerk behoort volgens my mening gedurig die vraag te vra, of dit nie dalk noodsaaklik en sinvol kan wees om 'n ander belydenisskrif uit die Reformasietydperk, naas die drie formuliere van eenheid, in die belydeniskorpus op te neem nie? Die rede: die NHKA kan byvoorbeeld agterkom dat die regverdigingsleer (wat die artikel is waarby die kerk staan of val) nie meer die hart van ons evangelieverkondiging uitmaak nie, of dat daar aanhoudend gedwaal word oor die verhouding tussen regverdiging en heiliging (geloof en etiek). In só 'n situasie kan die Hervormde Kerk byvoorbeeld besluit om die *Confessio Augustana* as verdere belydenisskrif te aanvaar, aangesien die kerk daarin 'n meer volledige uiteensetting van bogenoemde sake vind as wat mens byvoorbeeld in die *NGB* vind. Op grond van aanhoudende dwaalleer in die kerk, kan

[10] Hierdie is werklik net enkele voorbeelde. 'n Volledige oorsig oor wat wêreldwyd verskyn het sal bladsye en bladsye beslaan. Hierdie voorbeelde is natuurlik met rede gekies. Dit is volgens my oordeel die belangrikste publikasies op hierdie tema.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

dit dus nodig raak om die kerk aan ander belydenisskrifte uit die Reformasie te bind, om op hierdie wyse die eenheid van die geloof te herstel en te bewaar.

### 4.3 Die moontlike binding aan onlangse belydenisse uit die eie konfessionele kring

Die Kerk behoort dit ook gedurig te oorweeg om belydenisse, belydenisskrifte en kerklike verklarings van die jongste tyd uit die eie konfessionele kring te bespreek en selfs te onderskryf. Ek wil graag kortliks[11] na twee voorbeelde verwys wat ek meen aandag werd is. Die eerste is die *Barmen Teologiese Verklaring* en die tweede is die *Leuenberger Konkordie.*

Binne die eerste jaar van Hitler se magsoorname was die Duitse Kerk voor geweldige uitdagings geplaas. Die "Duitse Christene" het toegestem dat Hitler 'n ryksbiskop as hoof van die kerk aanstel. Hulle het gepleit vir 'n "Confessio Germanica" of "Deutschapostolicum" waarvan die eerste artikel sou lui: "Ich glaube an den Gott der Deutschreligion, der in der Natur, im hohen Menschengeist und in der Kraft seines Volkes wirkt." Al die gebeure van hierdie tyd het Karl Barth en andere gedwing om standpunt in te neem. In 1933 formuleer hulle (maar eintlik maar Barth) die "Düsseldorfer Thesen" wat met bekende woorde van eerste tese van Bern 1528 begin, om hiermee duidelik te maak dat hulle meen dat die tyd aangebreek het om hierdie ou belydenis te aktualiseer: "Die heilige Christelike kerk, waarvan Christus die enigste hoof is, is uit die Woord van God gebore; sy bly daarin en luister nie na die stem van 'n vreemde nie." Hierdie teses sou die voorloper van die Barmen Verklaring wees. In Januarie 1934 word die eerste Barmen Verklaring deur die Gereformeerde sinode, bestaande uit 300 afgevaardigdes uit 167 Gereformeerde gemeentes, aanvaar. Die tweede Barmen verklaring word dan deur die eerste belydenissinode van die Deutschen Evangelischen Kirche in Barmen op 29-31 Mei 1934 aanvaar. Hierdie sinode het bestaan uit afgevaardigdes van Gereformeerde, Lutherse en Verenigde gemeentes. Op hierdie sinode maak die "Belydende Kerk" daarop aanspraak om die ware Duitse Kerk te wees. Ter ondersteuning van hierdie aanspraak is die *Barmer Theologischen Erklärung zur gegenwärtigen Lage der Deutschen Evan-*

[11] Die ruimte ontbreek ongelukkig om enigsins 'n redelike aanduiding te gee waaroor dit hier gaan. In 'n opvolg artikel sal hierdie twee dokumente breedvoerig belig word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*gelischen Kirche"* aanvaar. Die teks is weereens hoofsaaklik deur Barth geskryf, alhoewel Lutherse teoloë ook hulle insette gelewer het.

Inhoudelik is die verklaring soos volg saamgestel: Daar is ses drieledige stellings. Eers is daar een of twee sitate uit die Bybel, dan volg 'n belydende uitspraak en ten slotte die verwerping van een of ander dwaalleer. Feitlik al hierdie stellings is ook vir ons in ons situasie aktueel en relevant. Ek maak kort uittreksels uit die teks.

> Wir verwerfen die falsche Lehre, ... als könne und müsse die Kirche ... noch andere Ereignisse ... als Gottes Offenbarung anerkennen ... als gebe es Bereiche unseres Lebens, in denen wir nicht Jesus Christus, sondern anderen Herren zu eigen wären ... als dürfe die Kirche die Gestalt ... ihrer Ordnung ... der jeweils herrschenden weltanschaulichen und politischen Überzeugungen überlassen ... als solle und könne die Kirche über ihren besonderen Auftrag hinaus staatliche Art, staatliche Aufgaben und staatliche Würde aneignen und damit selbst zu einem Organ des Staates werden.

Teologies het ons hier met tipiese Barthiaanse teologie (aangevul met Lutherse gedagtes) te make. Barmen is 'n duidelike verwerping van die "neu-protestantismus" en die afsluiting van die konfessionalisering van die dialektiese teologie. Hierdie verklaring word gekenmerk deur die Christosentriese denke, die verwerping van historiese en politieke gebeure as openbaring, die herbevestiging van die tweerykeleer asook die koningskap van Christus oor alle lewensterreine, en 'n kerkorde wat nie 'n wêreldbeskouing ter wille mag wees nie. Hierdie verklaring berus dus op duidelike teologiese beslissings, maar wil ook rigtinggewend wees vir die totale kerklike lewe (kyk na Slenczka 1980:249-250; Hornig 1984b:253-261; Rohls 1987:351-358; Jonker 1994:157-161, vir meer volledigheid, Mehlhausen 1995).

Teoloë se waardering vir hierdie verklaring toon groot verskille. Konserwatiewe Lutherse en Gereformeerde teoloë (byvoorbeeld Althaus 1949:272 en Van Genderen 1993a) het dikwels minder waardering vir Barmen terwyl mense wat nader aan Barth staan (soos Jonker 1994:157-161) weer groot waardering vir die verklaring het. Verskillende kerke oordeel ook verskillend oor hierdie teologiese verklaring. Sommiges beskou dit bloot as 'n belangrike dokument uit die tyd van die kerkstryd in Duitsland. Die meeste beskou dit as 'n belangrike rigtinggewende leer- en geloofsgetuienis van die kerk in die 20e eeu. Dan is daar ook kerke soos die *Evangelisch-*


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*reformierte Kirche* en die *Evangelische Kirche der Union* wat dit as belydenisskrif aanvaar. Ek meen dat ons dit moet oorweeg om hierdie verklaring as 'n belangrike oriëntasiedokument te aanvaar.

Die volledige teks van die *Barmen Teologiese Verklaring* kan onder andere op Internet gekry word. Die EKD (Evangelische Kirche in Deutschland) het op sy tuisblad 'n rubriek "Glaube Aktuell" waar al die inligting gekry kan word. Die teks kan ook in boeke soos dié van Leith (1977:517-522) gekry word.

Met die *Leuenberger Konkordie* van 16 Maart 1973 het die Lutherse, Calvinistiese en Verenigde Kerke van Europa 'n punt bereik waar hulle mekaar in broederlikheid aanvaar het, en in ons taal "susterskerke" geword het. Met die ondertekening van hierdie dokument het aanvaarding van die ampte, kanselruil, oop uitnodiging na die nagmaal en kerklike samewerking binne die Protestantse kerke van Europa 'n werklikheid geword. Hierdie dokument getuig daarvan dat bogenoemde kerke die wil openbaar om kerklike eenheid daadwerklik te bevorder. Hierdie etiese verantwoordelikheid wil en moet nagekom word, nadat daar eenheid in belydenis bereik is. Hierdie konfessionele groeperings aanvaar en respekteer mekaar se belydenistradisies. Daar word aanvaar dat die Reformatoriese regverdigingsleer betroubaar in die onderskeie belydenisskrifte tot uiting kom. Om hierdie rede respekteer hulle oor en weer die verskillende belydenisskrifte. Almal weet dat daar tog ook belydenisverskille tussen Lutherane en Calviniste was. Hierdie dokument getuig van die nuwe konsensus wat daar tussen die twee konfessionele groeperings bereik is. Kort en bondig word gesamentlike uitsprake gemaak oor die regverdigingsboodskap as die boodskap van die vrye genade van God, verkondiging, doop en Nagmaal. Dié kerklike leerstukke wat in die verlede kontroversie veroorsaak het, word 'n tweede keer behandel. Die misverstande en eensydighede van die verlede wat uit die weg geruim is, is hiér belydenisagtig, as nuwe konsensusuitsprake voorgelê. Hier word gekonsentreer op die nagmaal, Christologie en predestinasieleer. 'n Aanhaling uit die gedeelte oor die predestinasieleer kan 'n indruk gee wat hier bereik is: "... Über die Erwählung kann deshalb nur im Blick auf die Berufung zum Heil in Christus gesprochen werden ... Der Glaube ... bezeugt zugleich den Ernst menschlicher Entscheidung wie die Realität des universalen Heilswillens Gottes. Das Christuszeugnis der Schrift verwehrt uns, einen ewigen Ratschluß Gottes zu definitiven Verwerfung gewisser Personen oder eines Volkes anzunehmen."


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die volledige teks, plus agtergrondsinligting, plus uittreksels oor die debat na aanleiding van die Konkordie kan op dieselfde plek op Internet gekry word as waar die Barmen Verklaring gekry kan word.

Ek is van mening dat die Hervormde Kerk kennis moet neem van hierdie dokument. Ná deeglike kennisname, voorligting en debat, kan ons dit moontlik oorweeg om as kerk ook hierdie dokument as rigtinggewende teologiese dokument te onderteken (nie as belydenisskrif nie, aangesien dit nie as belydenisskrif bedoel is nie), soos wat die meeste Lutherse en Calvinistiese kerk (selfs tot buite die grense van Europa) alreeds gedoen het. Wat ons hierby kan baat is die volgende:

- Die kerk kan agterkom dat teologiebeoefening nie met die Reformasie opgehou het nie. Daar kan ingesien word dat daar by Dordt nie klaar gedink is oor die uitverkiesingsleer nie, en dat die laaste woord oor die Nagmaal nie by Marburg deur Luther, Calvyn en Zwingli gesê is nie. Ons kan insien dat leergesprekke moet voortgaan, met die oog op nuwe en groter konsensus binne die Protestantisme. Dít kan ons motiveer en aanspoor om ook aan hierdie debatsvoering deel te neem.
- Die kerk se ekumeniese bewussyn kan herstel word. Ons neigings tot sektariese afsondering kan op hierdie wyse teëgewerk word. Ons kan saam met erkende kerke aan leerontwikkeling werk.

## Literatuurverwysings

Althaus, P [1947] 1949. *Die Christliche Wahrheit: Lehrbuch der Dogmatik, Erster Band.* 2.Aufl. Gütersloh: Bertelsmann.

Barth, K 1948. *Die christliche Lehre nach dem Heidelberger Katechismus.* Zürich: Zollikon.

— [1951] 1957. *Die Kirchliche Dogmatik, Band III, 4: Die Lehre von der Schöpfung.* 2.Aufl. Zürich: EVZ.

— 1960. *Die Kirchliche Dogmatik, Band I, 2.* 5. Aufl. Zürich: EVZ.

— [1957] 1986. Das Bekenntnis der Reformation und unser Bekennen, in *Theologische Fragen und Antworten: Gesammelte Vorträge, 3.Band (1927-1942).* 2.Aufl. Zürich: Theologischer Verlag

Bavinck, H 1928. *Gereformeerde Dogmatiek, Eerste Deel.* 4e Druk. Kampen: Kok.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Bavinck, H 1930. *Gereformeerde Dogmatiek, Vierde Deel.* 4e Druk. Kampen: Kok.

Beyschlag, K 1988. *Grundriß der Dogmengeschichte, Band 1: Gott und Welt.* 2.Aufl. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

Brunner, E [1946] 1960. *Dogmatik, Band 1: Die christliche Lehre von Gott.* 3.Aufl. Zürich: Zwingli.

Brunner, P 1963. Was bedeutet Bindung an das lutherische Bekenntnis heute?, in *Das Bekenntnis im Leben der Kirche: Studien zur Lehrgrundlage und Bekenntnisbindung in den Lutherischen Kirchen.* Hrsg v Vajta, V & Weissgerber, H, 11-20. Berlin: Lutherisches Verlagshaus.

Cranfield, C 1993. *The Apostles Creed: A faith to live by.* Edinburgh: T & T Clark.

Fangmeier, J 1985. s v Heidelberger Katechismus. *TRE.*

Hauschild, W-D 1992. Die Bewertung der Tradition in der lutherischen Reformation in, *Verbindliches Zeugnis, I: Kanon – Schrift – Tradition,* 195-231. Hrsg v Pannenberg, W & Schneider, Th. Göttingen: Vandenhoeck.

— 1995. *Lehrbuch der Kirchen- und Dogmengeschichte, Band 1: Alte Kirche und Mittelalter.* Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus.

Herms, E 1985. Die Lehre im Leben der Kirche. *ZThK* 82, 192-230.

Honecker, M 1984. Sind Denkschriften "Lehre"? *ZThK* 81, 241-263.

Hornig, G 1984a. Die Orthodoxie als bekenntnisgebundene Lehre, in Benrath, G u a (Hrsg), *Handbuch der Dogmen- und Theologiegeschichte, Band 3,* 73-77. Göttingen: Vandenhoeck.

— 1984b. Die Barmer Theologische Erklärung, in Benrath, G u a (Hrsg), *Handbuch der Dogmen- und Theologiegeschichte, Band 3,* 253-261. Göttingen: Vandenhoeck.

Jacobs, P 1959. *Theologie reformierter Bekenntnisschriften in Grundzügen.* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Jonker, W D 1994. *Bevrydende waarheid: Die karakter van die gereformeerde belydenis.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Kant, I [1783]1983. Beantwortung der Frage: Was ist Aufklärung?, in *Werke in sechs Bänden, Band VI.* Hrsg v Weischedel, W, 53-61. Darmstadt: Wiss Buchgesellschaft.

Kelly, J N D 1972. *Altchristliche Glaubensbekenntnisse: Geschichte und Theologie.* Göttingen: Vandenhoeck.

— 1993. *Early Christian Doctrines.* 5th Ed. London: A & C Black.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Koch, T 1985. Die Freiheit der Wahrheit und die Notwendigkeit eines kirchenleitenden Lehramtes in der evangelischen Kirche. *ZThK* 82, 231-250.

Koekemoer, J H 1979. *Ek glo ...* Pretoria: HAUM. (KITAL Studiegids.)

Kreck, W 1974. Was heißt Bekenntnisbindung, in *Tradition und Verantwortung: Gesammelte Aufsätze.* 45-59. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

— 1977. *Grundfragen der Dogmatik.* München: Kaiser.

Küng, H 1992. *Credo: Das Apostolische Glaubensbekenntnis – Zeitgenossen erklärt.* München: Piper.

Leith, J H [1963] 1977. *Creeds of the churches.* 2nd ed. Atlanta: John Knox Press.

Lochman, J M 1982. *Das Glaubensbekenntnis: Grundriß der Dogmatik im Anschluß an das Credo.* Gütersloh: Mohn.

Lohse, B 1978. *Epochen der Dogmengeschichte.* 4.Aufl. Stuttgart: Kreuz.

Luther, M 1883 vv. *Kritische Gesamtausgabe* (*Weimarer Ausgabe* = *WA*). Weimar: Herman Bohlau.

McGrath, A 1991. *I believe: Understanding and applying the Apostles' Creed.* Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

Mehlhausen, J 1995. Die Rezeption der Barmer Theologischen Erklärung in den evangelischen Landeskirchen nach 1945, in *Verbindliches Zeugnis, II: Schriftauslegung – Lehramt – Rezeption,* 219-245. Hrsg v Pannenberg, W & Schneider, Th. Göttingen: Vandenhoeck.

Nederduitse Gereformeerde Kerk 1992. *So glo ons: 'n Eietydse geloofsverantwoording van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1997. *Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.*

Nederlandse Hervormde Kerk 1962. *Over de belijdenis der kerk en haar handhaving: Herderlijk Schrijven van de Generale Synode der Nederlandse Hervormde Kerk, aanvaard in haar vergadering van 20 juni 1961.* 3e Druk. 'S-Gravenhage: Boekencentrum.

Pannenberg, W 1972. *Das Glaubensbekenntnis ausgelegt und verantwortet vor den Fragen der Gegenwart.* Hamburg: Siebenstern. (Nu 165.)

— 1988. *Systematische Theologie, Band 1.* Göttingen: Vandenhoeck.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Pannenberg, W 1995a. Bleiben in der Wahrheit als Thema reformatorischer Theologie, in *Verbindliches Zeugnis, II: Schriftauslegung – Lehramt – Rezeption,* 122-134. Hrsg v Pannenberg, W & Schneider, Th. Göttingen: Vandenhoeck.

— 1995b. Überlegungen zum Problem der Bekenntnishermeneutik in den evangelischen Kirchen. *KuD* 41, 292-302.

Polman, A D R 1956. s v Belijdenisschrift. Christelijke Encyclopedie.

— [s a]. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis,* Deel 1. Franeker: Wever.

Ratschow, C H 1978. *Der angefochtene Glaube: Anfangs- und Grundprobleme der Dogmatik.* Gütersloh: Mohn.

Ratzinger, J [1968] 1990. *Introduction to Christianity,* tr by Burns & Oats. San Francisco: Ignatius Press.

Rohls, J 1987. *Theologie reformierter Bekenntnisschriften: Von Zürich bis Barmen.* Göttingen: Vandenhoeck. (UTB 1453.)

Rüegger, H 1988. Neuere reformierte Bekenntnisse. *ThZ* (Basel) 44, 312-328.

Sauter, G 1972a. Dogma: Ein eschatologischer Begriff, in *Erwartung und Erfahrung: Predigten, Vorträge und Aufsätze,* 16-46. München: Kaiser. (Theol Bücherei 47.)

— 1972b. Bekenntnis heute: Erwartungen an die Theologie, in *Erwartung und Erfahrung: Predigten, Vorträge und Aufsätze,* 208-241. München: Kaiser. (Theol Bücherei 47.)

— 1988. Was ist Wahrheit in der Theologie? Wahrheitsfindung und Konsens der Kirche` in, *In der Freiheit des Geistes: Theologische Studien,* 57-82. Göttingen: Vandenhoeck.

Schwarz, H 1984. s v Glaubensbekenntnis(se): Dogmatisch. *TRE, Band 13.*

Slenczka, R 1980. Bekenntnis als Deutung, Gemeinschaft und Grenze des Glaubens. *KuD* 26, 245-261.

Sommer, W 1989. Die Stellung Semlers und Schleiermacher zu den reformatorischen Bekenntnisschriften. *KuD* 35, 296-315.

Staats, R 1996. *Das Glaubensbekenntnis von Nizäa-Konstantinopel: Historische und theologische Grundlagen.* Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.

Van de Bank, J H *et al* (red) 1993. *Kennen en vertrouwen: Handreiking bij de prediking van de Heidelbergse Catechismus.* Zoetermeer: Boekencentrum.

Van Genderen, J 1993a. Nieuwe typen van belijden, in *Naar de norm van het Woord,* 116-136. Kampen: Kok.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Van Genderen, J 1993b. Het Bijbelse gehalte van het dogma, in *Naar de norm van het Woord,* 152-165. Kampen: Kok.

Van Niftrik, G C 1944. *Kleine Dogmatiek.* 5e Druk. Nijkerk: Callenbach.

Van Ruler, A 1947. Plaats en functie der belijdenis in de kerk, in *Visie en vaart*, 50-127. Amsterdam: Holland Uitgewersmaatschappij.

— 1948. *De belijdende kerk in de nieuwe kerkorde.* 2e Druk. Nijkerk: Callenbach.

— 1954. *Theologie van het apostolaat.* Nijkerk: Callenbach.

— 1971a. Ultra-gereformeerd en vrijzinnig, in *Theologisch werk, Deel III,* 98-163. Nijkerk: Callenbach.

— 1971b. *Ik geloof: De Twaalf Artikelen van het geloof in morgenwijdingen.* Derde druk. Nijkerk: Callenbach.

Van Wyk, I W C 1997. Moet die Afrikaanse kerke skuld bely oor apartheid?: Wat leer ons uit die Duitsers se worsteling met skuld? *HTS* 53, 1399-1436.

Van Wyk, I W C 1998. Die Woord van God by Luther. *HTS* 54, 161-182.

Vischer, L 1965. *Die Einheit der Kirche: Material der ökumenischen Bewegung.* München: Kaiser. (ThB 30.)

— (Hrsg) 1988. *Reformiertes Zeugnis heute.* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Weber, O [1955] 1972. *Grundlagen der Dogmatik, Band 1.* 4.Aufl. Neukirhener-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Wenz, G 1990. Kerygma und Dogma: Erwägungen zum Verhältnis von Schrift, Bekenntnis und Lehramt in der Perspektive lutherischer Theologie. KuD 36, 2-36.

— 1997. Protestantismus und Konfessionalität: Ökumenische Erwägungen zum reformatorischen Bekenntnis in Geschichte und Gegenwart. *KuD* 43, 303-335.

Wirsching, J 1980. s v Bekenntnisschriften. *TRE*, V.

World Council of Churches [1991] 1996. *Confessing the One Faith: An ecumenical explication of the Apostolic Faith as it is confessed in the Nicene-Constantinopolitan Creed (381).* Fourth Printing. Geneva: WCC Publications. (Faith and Order Paper 153.)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services